Groningen
Lane Medical Library

GELYKTYDIGE EKSTRA- EN INTRAUTERINE GRAWIDITEIT

J. H. F. WAGENER

GELYKTYDIGE EKSTRA- EN INTRAUTERINE GRAWIDITEIT.

GELYKTYDIGE EKSTRA- EN INTRAUTERINE GRAWIDITEIT.

PROEFSCHRIFT TER VERKRIJGING VAN DEN GRAAD VAN DOCTOR IN DE GENEESKUNDE AAN DE RIJKS-UNIVERSITEIT TE GRONINGEN, OP GEZAG VAN DEN RECTOR MAGNIFICUS Dr. A. KLUYVER, HOOGLEERAAR IN DE FACULTEIT DER LETTEREN EN WIJSBEGEERTE, TEGEN DE BEDENKINGEN VAN DE FACULTEIT DER GENEESKUNDE IN HET OPENBAAR TE VERDEDIGEN OP 26 JANUARI 1924, TE 4 UUR DES NAMIDDAGS,

DOOR

JOHANNES HERMIAS FRANS WAGENER, B.A., ARTS,

GEBOREN TE HOPEFIELD, ZUID-AFRIKA.

ERVEN B. VAN DER KAMP. – 1924. – GRONINGEN.

Aan die nagedagtenis van my Moeder.

Aan my Ouers.

Aan my Nôi.

Die verskyn van hierdie proefskrif bied my 'n welkom geleentheid aan om openlik my dank te betuig aan U, Professore en Lektore van die Geneeskundige Fakulteit in Groningen, vir die voorreg om hier my studie te voltooi.

Baie dank is ek ook verskuldig aan U, Professore, waarnemende Professore en Lektore van die Geneeskundige, Natuur-Filosofiese en Letterkundige Fakulteite aan die Uniwersiteit van Kaapstad, vir die onderwys en steun waarvan ek mog geniet in die begin van my studie.

Besonder dankbaar is ek U, Hooggeleerde NIJHOFF, *Hooggeagte Promotor, vir die bereidwilligheid en hulp deur U betoon in die saamstel van my proefskrif. Nie minder groot is my verpligting teenoor U vir die voorregte waarvan ek mog geniet aan U kliniek.*

Dit is my 'n voorreg my proefskrif in Afrikaans te mag skrywe.

Ten slotte, my opregte dank aan die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging vir die raad en steun wat ek van haar geniet het.

HOOFSTUK I.

Die eerste kliniese indrukke gedurende die mediese studie, is van 'n diepe aard, en word waarskynlik nooit weer vergeet nie.

Lewendig stel ek my dus nog voor hoe, op 'n namiddag in die begin van 1919, aan die New Somerset Hospitaal in Kaapstad, 'n vrou binnegebring word.

Sy het op straat skielik gekollabeer, was by binnekoms opvallend anaemies, en het 'n frekwente pols gehad, wat byna nie te voel was nie.

Die anamnese lewer op, dat voor 'n maand die menses uitgebly het, en dat sy 'n oomblik voor die onmag op straat, 'n hewige snydende pyn regs onder in die buik gekry het.

Dadelik nadat vasgestel was dat die uterus lig vergroot was, dat daar 'n weerstand in die cavum Douglasi was, en vry vog in die buikholte; is die laparotomie in aller yl gemaak.

Die buikholte was ook letterlik vol bloed, en na vir orientasie soveel moontlik verwyder was, kom daar 'n sterk bloedende ruptuur tevoorskyn aan die linker tuba Fallopiae. Die pasient is na die salpingektomie gou weer herstel, ondanks die ernstige en dramatiese aard van die aandoening.

Die gebeurtenis was nog vars in ons gehuë, toe daar, op die namiddag van 26 April, ongeveer 40 myl ver vandaan, 'n pasient per auto binnegebring word. Vir kontrole van die vollende besonderhede omtrent die geval, is ek Dr. C. C. Elliott, MD., destyds waarnemende professor aan die Uniwersiteit van Kaapstad, besonder dank verskuldig.

I. WAARNEMING UIT KAAPSTAD.

Die pasient is smôres skielik oorval deur 'n heftige vernietigende buikpyn, het baie bleek geword. en haar toestand was van so 'n geaardheid. dat haar dokter aan perforasie van 'n ulcus ventriculi dink. By aankoms was pasient opvallend anaemies; die pols was om die 84, en nie onrusbarend van aard nie. Die pyn van smôres

het beter geword na 'n inspuiting deur die dokter, en sit nou ook nog, in die buurt van die epigastrium. Vóór die pynaanval, was sy sonder klagte van enige aard. Sy was ongetroud, het geen uitval van menses bemerk nie, en meen selfs dat sy op die oomblik die gewone menstruasie het.

Die meisie verkeer in 'n goeie algemene voedingstoestand: haar sensorium is nie heeltemaal helder nie.

Die pupille is nou (morfine); die slymvliese erg anaemies.

Aan cor en pulmones geen afwyking te vind nie.

Die buik is nie opgesit nie; die musculi recti beweeg by ademhaling.

Geen défense musculaire.

Aangesien die akute begin, en die ernstige aard van die aandoening, word besluit om direk proeflaparatomie te doen, daar 'n besliste diagnose nie te stel was nie. Bimanueel andersoek van die genitalië het die toestand óók nie duideliker gemaak nie.

Die mediane buiksnee word gemaak deur Dr. C. C. Elliott; onder chloroform narkose. Tussen die dermlisse is daar taamlik baie vars bloed, en by die eksplorasie, word aan die pars ampullaris van die regter tuba Fallopiae 'n klein bloedende reptuurtjie ontdek. Die ligte vergroting van die uterus word vir konsensuele hiepertrofie gehou. by ekstrauterine swangerskap. Die verdikte tuba word geëkstirpeer. Die buikwand word in drie etages geheg, en die huid met deurlopende sy. Die pasient het 'n ongestoorde verdere behandelings-verloop en rekonvalesensie deurgemaak.

By ondersoek blyk dat die verwyderde verdikte tuba 'n vruggie bevat, met 'n ontwikkeling van tussen 4 en 6 weke. Die vrugkapsel was vars geruptureer.

Dit was binne korte tyd, die twede interessante geval van ekstra-uterine grawiditeit wat ons sien, en ons reken die meisie van die laaste geval as in sekere opsigte nogal gelukkig.

Dit was vir ons studente dus 'n groot ontnugtering om te hoor, na 'n maand of sewe, dat die pasient op 9 Desember 1919, tóg beval is, en van 'n voldrae kind!

Hierdie geval, hoewel van dieselfde aard as die eerste, was één van die baie seldsamer voorkomende vorme van ekstra-uterine swangerskap, n.l., gekompliseer met 'n gelyktydige intra-uterine.

Anders uitgedruk, kom dit hierop neer; dat daar 'n abnormale vorm van tweelingswangerskap bestaan het, met heterotope lokalisasie van die twee vrugte; die één het gesit in die cavum uteri, en die twede in die regter tuba Fallopiae. Deur die abnorme, ontoereikende lewensomstandighede van die ekstrauterine vrug, was sy verdere ontwikkeling deur ruptuur van die tuba-wand onderbreek, en was sy bestaan deur die gevolglike inwendige bloeding aan die dag gekom. Die bevrugting van die ova het, vollens Dr. ELLIOTT, waarskynlik gelyktydig, en in die begin van Maart plaas gevind. Wat betreft die menstruasie, bestaan daar twee moontlikhede. Of, dat die een keer se uitbly van die menses onder omstandighede deur die pasient verswyg is; of, dat die reptuur plaatsgevind het, ongeveer 'n maand na die laaste menstruasie. Die abnormale ontwikkelingsomstandighede maak dit ongelukkig onmoontlik, om die duur daarvan deur die grootte van die vrug te bepaal, Die bloeding per vaginam, kon veroorsaak gewees het deur die uitstoting van die uterine decidua as daar geen gelyktydige intrauterine swangerskap bestaan het nie. Soos ons later sal sien kom 'n dergelike bloeding uit die uterus meer voor. sonder dat die uterine swangerskap onderbreek word.

In 1920, hoor ek aan die Uniwersiteit in Groningen van 'n pas waargeneemde geval, wat in die vernaamste opsigte baie ooreenstem met die een uit Kaapstad, en wat prof. NIJHOFF mij so vriendelik toelaat om te gebruik in my verdere studie van die onderwerp.

2. GEVAL UIT GRONINGEN.

Vr. X., in die kliniek opgeneem op 4 Augustus 1919 (Historia morbi No. 189, 1919.), is 35 jaar oud, en is van 5 lewendige kinders spontaan beval, die laaste keer in Oktober, 1916. Voor

die laatste bevalling, het sy haar enigste miskraam gehad. In Maart 1919 is sy vir galstene geöpereer deur prof. KOCH.

Die 16e Julie, kry sy smôres toe sy wakker word, skielik heftige pyn, regs in die onderbuik, en aandrang tot miksie en defaekasie. Na enkele dae bedrus is die toestand verbeter. Nou en dan moes sy, veral na ontlasting, toegee aan braakneiging, terwyl sy gedurende die ontlasting óók erg pyn het. By herhaling van die pynaanval is sy deur haar dokter na die kliniek gestuur.

Die menses is altyd van normale karakter gewees, die laaste keer voor 11 weke. Die vrou dink self dat sy swanger is.

Status Praesens (4 Augustus, 1919): Die pasient verkeer in 'n goeie algemene voedingstoestand. Aan been- en spierstelsel niks besonders nie.

Huid en slymvliese is iets anaemies.

Oor die limfkliere val niks besonders aan te merk nie.

Hoof. Vorm en beharing normaal.

Pupille: rond en gelyk; reageer gelykmatig en goed op lig en konwergensie. Oogbeweginge: ongestoor.

Die groot hersensenuwees is intakt.

Die tong is iets beslaan; aan tandstelsel, mond en keel niks besonders nie.

Hals. Vertoon geen afwyking nie.

Pols. Reelmatig, ekwaal, matig gevul; frekwensie 100 pm.

Bloed-druk nie verhoog nie.

Thorax, simmetries en goed gewelf, beweeg behoorlik as pasient sug. Respirasie, van die vroulike tiepe.

Cor. Ictus in die 4e interkostaal-ruimie, in die medio-klavikulêrlyn, nie verbreed nie, nie heffend nie.

Relatiewe demping; 3e rib, middel van die sternum, en in die medio-klavikulêrlyn. Absolute demping: 4e rib, linker sternaalrand, en medio-klavikulêrlyn. By auskultasie, geen abnorme aksentuasie van tone nie, geen geruise nie.

Pulmones. By perkussie, ooral sonore longtoon, geen dempinge niet. Onderste long-grense — vóór, by die 6e rib, beweeglik; achter, by die 11e processus spinosus, beidersyds ewehoog; goed beweeglik by respirasie.

By auskultasie. ooral vesikulêr adem-geruis; regs agter, interskapulêr, iets verlengde expirium.

Abdomen, iets opgesit. 8 cM. lang litteken van die operasiewond (Galstene), vertikaal, duimbreed regs van die nawel.

Die mm. recti beweeg gelykmatig by respirasie. Lewer en milt nie vergroot nie. Geen défense musculaire. Die streek van die regter ileum is iets pynlik by palpasie, en laat dus nie toe dat meer gekonstateer word nie, as 'n weerstand wat die indruk gee van 'n tumor in die buikholte.

Ekstremiteite; geen besonderhede nie, normale reflekse.

Genitalië, uitwendig soos van 'n multi-gravida.

By bimanueel ondersoek: Uterus iets vergroot, week aanvoelend, in antefleksie. Vóór die uterus, regs; 'n ronde, gladde, ongeveer appelgroote taamlik beweeglike tumor. Geen abnorme weerstande in die parametrium nie.

Urine, (kateter) suur reaksie, spesifiek gewig, 1022. Spoor albumen, geen suiker nie. In die sediment, enkele epiteel-selle, maar geen silinders nie.

Diagnose, vermoedelike ekstra-uterine swangerskap.

Laparotomie, op 7 Augustus 1919. Duur: 20 min. Narkose; rustig, ingelei met chloroform, en voortgesit met aether.

Operateur: Mej. Grashuis; Assistensie; H.H. Verbëek en Brouwer.

Supra-symphsêre kruis-snee vollens Pfannenstiel.

Sodra die peritoneum deur is, kom daar 'n belangrike hoeveelheid donkergekleurde, ou bloed, voor die dag. Die uterus reik tot bo die symphysis, en voel aan soos 'n uterus gravidus van die 2e maand. Regs daarvan, 'n hoender-eier-groot tumor, geleë in die lacquear anterior, vóór uterus en ligamentum latum. Die nie-vergrote ovarium lê agter die tumor wat, veral aan die voorkant, deur gefibriniseerde bloedstolsels bedek is. Nadat die stolsels weggeveeg is, blyk dat die tumor bestaan uit die verdikte pars ampullaris van die regter tuba Fallopiae, dig bij die fimbria. Op twee plekke begin die tuba-wand uitmekaar te wyk. Die tumor word afgeklem, vervollens afgebind met sy, en afgesny.

Die stomp word met jodoform bestrooi. Die linker ovarium sien daar normaal uit.

Die buikwand word in drie etages geheg; peritoneum met deurlopende catgut, die mm. recti met 'n enkele situasie-hegting; fascia en voorblad van die rectus-skede met afsonderlike knoop-catgut geheg. Huid met 3 sy-hegtinge, en daartussen, agrafes.

By ondersoek van die verwyderde tumor, blyk dit uit 'n amnion-holte te bestaan, met die reste van 'n gedeeltelik opgeloste vrug, en daarom heen 'n trophoblast-laag.

Die post-operatiewe verloop is sonder stoornisse gewees, en die pasient het geen verdere klagte gehad nie.

16 Aug. Hegtinge en agrafes verwyder. Wond per primam intentionem genees.

25 Aug. Pasient het nie weer gevloei nie. By ondersoek blyk die uterus week en vergroot te wees. Daar word aan gelyktydige ekstra- en intrauterine swangerskap gedenk.

29 Aug. Pasient huistoe.

7 maande later berig die medicus van die pasient dat hy op 12 Maart 'n spontane partus met voldraë kind bij haar gelei het.

Hierdie laaste geval stem ooreen met die een van die Kaap insoverre:

1) in albei gevalle is die ekstra-uterine ovum ongeveer gelyktydig met die intra-uterine bevrug,

2) in geeneen van die gevalle het die operasie skade gedoen aan die verdere ontwikkeling van die uterine vrug nie, en hetdie swangerskap, in breë trekke, op dieselfde manier verloop, behalwe dat;

3) hul in hierdie opsig verskil. Terwijl die swangerskap in die Kaapse geval onderbreek was deur 'n akuut vars ruptuur — wat gelukkig binne perke gebly het — is in die Groningse geval, die ekstra-uterine vrug geruime tyd al afgesterf gewees, en het daarna pas tot 'n onvolledige tubêr abortus gelei.

Opvallend is dat, in die vorige geval, die vrou nog uit die swangere uterus gevloei het bij opname; maar na die operasie nie meer nie.

Die eienaardigheid en seldsaamheid van hierdie vorm van swangerskap, het my nóg meer geïnteresseer in die wese van die ekstra-uterine grawiditeit; en dit is my geluk om, behalwe die sopas genoemde gevalle, nog 240 ander uit die litteratuur te versamel, van gelyktydige ekstra- en intrauterine swangerskap.

Die bymekaarsoek en uitwerk van die kasuïstiek, het 'n buitegewoon interessante studie uitgemaak. Nie alleen om die groot afwisseling in verloop van die in menig opsig verskillende gevalle nie, maar tegelyk ook, omdat die kombinasie van meerlingswangerskap met so'n patologiese vorm soos die ekstra-uterine, noodwendig oor 'n besonder uitgebreide terrein moet strek. Er veral is duidelik geword, die groot leemtes wat daar nog bestaan in die wetenskap van die mens, selfs wat betref die allereerste grondprinsiepes van sy eie ontstaan.

Laasgenoemde word al dadelik merkbaar, as ons sien dat, terwyl sommige waarnemers praat oor die gelyktijdige bevrugting van die twee ova, die meeste tog nog versigtig genoeg is om te praat van „gelyktydig" in 'n relatiewe sin, en dus sê: „ongeveer gelyktydig". Die versigtige bewoording hou naamlik rekening met iets wat nog nooit heeltemaal seker vasgestel is nie; nl. die al of nie bestaan nie van die sg. superfoetatio by die mens.

erfoetatio. Hierdie vraagstuk bring ons terug na die tyd van KUSSMAUL. In sy bekende monografie van 1859 [1]), sê hij: „Unter Nachempfängniss oder superimpregnatio verstehe ich jede weitere Empfängniss während der Dauer einer Schwangerschaft. Ueberschwängerung oder superfecundatio ist die Nachempfängniss wahrend der erste Menstruations- oder Ovulations-periode der Schwangerschaft; Ueberfruchtung oder superfoetatio während irgend einer späteren."

Sover soos ons begryp, vind 'n superfecundatio alleen dan plaas, wanneer die bevrugting van meerdere ova wat gedurende dieselfde owulasie-periode ryp geword het, nie alleen op verskillende tydperke, maar ook deur verskillende kohabitasies geskied.

---

1) KUSSMAUL. „Von dem Mangel, der Verkümmerung, und Verdopplung der Gebärmutter, usw.", p. 273.

Verskillend van laasgenoemde is dus die superfoetatio, deurdat die bevrugting plaasvind van meerdere ova uit verskillende owulasie-tydperke van dieselfde swangerskap.

Die eintlike vraagstukke oor die al of nie voorkom nie, van superfoetatio by die mens, word in Hoofstuk III nader bespreek.

Dit is nog 'n onopgeloste vraagstuk: en, hoewel sommige outoriteite nie van die bestaan daarvan wil hoor nie, is daar nog baie wat hul nie so beslis negatief wil uit nie, en ander selfs [1]) baie daarvoor voel om dit aan te neem, hoe moeilik dit ook al mag wees om dit afdoende te bewys. Voorlopig is dit versigtiger om die teoretiese moontlikhede nie te verwerp nie.

Naas 'n verdubbeling van die uterus hou KUSSMAUL die gelyktydige voorkom van ekstra- en intrauterine swangerskap as een van die mees waarskynlikste vorme van swangerskap waarby superfoetatio sou kan ontstaan. Dit is dus nie onmoontlik dat onder die 242 gevalle hier genoem, daar één of selfs meerdere gevalle van by is nie. Hieroor meer in die laaste Hoofstuk.

Daar is egter onder die voorbeelde wat vroër aangehaal was as bewysend vir superfoetatio, sulke, waar die uterine swangerskap eers opgetree het, korter of langer tyd na die afsterwe van die ekstra-uterine vrug, en wanneer die vrou tussen die twee swangerskappe vaak selfs al weer gemenstrueer het. Die twee vrugte het nie eers tegelyk gelewe nie. Dit noem KUSSMAUL [2]), ter onderskeiding van die egte superfoetatio, superfoetatio impropria, of spuria.

Superfoetatio impropria.

Gevalle van supertoetatio impropria is vroër deur verskillende outeurs, ja, selfs in die laaste tyd nog, gebruik as voorbeelde van gelyktydige ekstra- en intrauterine swangerskap.

Dergelike gevalle is in die vollende kasuistiek nie opgeneem nie, maar word apart genoem.

Soos reeds genoem, bestaan die egte gelyktydige ekstra- en intra-uterine swangerskap uit 'n saamsmelting van meervoudige swangerskap, en die enorm uitgebreide onderwerp van die ekstra-

---

[1]) B. v. RADASCH, Surgery, Gynec., and Obstetrics 1921[1], p. 339.

[2]) KUSSMAUL, in genoemde monografie,

uterine swangerskap; en die res van hierdie Hoofstuk sal daaraan gewei word om, in korte trekke, in besonder aantehaal, daardie punte van die twee onderwerpe, wat van direkte belang is by die bespreking van die kasuïstiek.

Om die gevalle duidelik en oorsigtelik te maak, en om latere kontrole moontlik te maak, is die hele reeks gevalle tabellaries opgestel, in kronologiese volgorde, in Hoofstuk II.

3. DIE NORMALE EN ABNORMALE IMPLANTASIE VAN DIE OVUM.

Dit was Reinier de Graaf wat eerste die ware betekenis van die ovarium aangetoon het, hoewel hy destyds nog, wat ons vandag die Graafse follikel noem, vir die eintlike ovum gehou het [1]). Die ovum is in 1827, deur C. v. Baer ontdek, en dank sy die ondersoekinge van die laaste jare ken ons vandag tenminste 'n gedeelte van die veranderinge wat hul aan die ovum en aan die uterus afspeel by die wonderlike geskiedenis van die tot stand kom en die ontwikkeling van 'n nuwe menslike indiwidu.

Maar oneindig baie is nog die onderwerpe wat aan outoriteite, vandag nog meer as ooit, stof lewer tot onbesliste debatte.

Dit is egter geen wonder nie, daar die moederlike organisme in vivo moeilik vir ondersoek toeganklik is, anamnestiese gegewens haas altyd aan twyfel onderhewig is; en om 'n 0.22 tot 0.25 m.M. groot ovum selfs onder die gunstigste omstandighede te soek en vind, uit die aard van die saak al weinig kans op sukses lewer.

Eén enkele keer is dit aan iemand geluk; en dit was Hyrtl [2]).

Vir die ontstaan van swangerskap is dit in elk geval 'n onomstootlike vereiste, dat die ovum so 'n stadium van ontwikkeling bereik het, dat die omhullende trophoblast-laag in staat is in die uterus-slymvlies binne te dring.

---

1) R. de Graaf, „De mulierum organis generationi inservientibus, Tractatus novus", Delft, 1672.

2) Ref. Strassmann, in v. Winckel. Handbuch der Geburtshilfe I. i, 1903, p. 161.

Is hierdie mate van rypheid bereik, dan implanteer die ovum hom, waar hy hom op daardie oomblik bevind [1]).

Soos ons weet, is die normale plek van implantasie en verdere ontwikkeling van die ovum in die fundus uteri.

Maar, daar sy oorsprong uit 'n gebarste Graafse follikel is, op een van die twee ovaria, kan hy onderweg baie moontlikhede teëkom, voordat die reis na die voorlopige uterine destinasie afgelê is.

Word die implantasie al langs die pad bewerkstellig, dan ontstaan daar 'n ekstrauterine swangerskap.

Dit lê dus voor die hand, dat by die beskikking of 'n ovum hom ekstra- of intrauterien implanteer; of die normale plek selfs verby gaan en hom in die buurt van die ostium internum van die cervix (placenta praevia), of selfs in die cervix gaan bevestig (placenta cervicalis) [2]); daar twee verskillende oorsake 'n rol kan speel [3]).

Dit kan lê, óf aan die verskillende snelheid van ontwikkeling van die ovum self, óf aan die snelheid van transport.

Vir eersgenoemde ontbreek tot hiertoe elke anatomiese of fisiologiese grond, en is nog nooit enig bewys voor gelewer nie. Laasgenoemde is egter oor en oor, duidlik bevestig, in die ontstaan van die groot hoofvorm van ekstrauterine swangerskap; nl. die tubêre. Hierby lewer die on- of minder deurganklikheid van die tuba Fallopiae soos later aangetoon sal word, duidlik meganiese hindernisse op vir die transport van die ovum.

Waar vind impregnasie plaas?

Waar dat die ovum en die spermatozoon (in 1677 in Leiden ontdek deur HAM, 'n leerling van A. VAN LEEUWENHOEK (Delft), mekaar tref, is nog nie met sekerheid bekend nie.

STRASSMANN [4]) beweer dat elke swangerskap ekstrauterien begin, nl. in die buurt van die ovarium.

By veelvuldig ondersoek aan konyne en caviae, het BISSCHOFF

---

[1]) V. SIPPEL, Zentblt. f. Gyn. 1901, p. 289, en HITSCHMANN und LINDENTHAL, Zentblt. f. 1903, p. 263.

[2]) ZANGEMEISTER und SCHILLING, Monatschr. f. Geb. und Gyn. 1923 LXI, p. 15.

[3]) STOECKEL, Lehrbuch der Geburtshilfe, 1923, p. 685.

[4]) STRASSMANN, in v. Winckel, Handbuch d. Geburtshilfe, 1903 I. 2, pag. 160.

(1842) uitgevind dat die ovum in die buurt van die ovarium bevrug word, en ruim drie dae later die cavum uteri bereik.

Reichert het hierdie ondersoekinge verder bevestig by caviae, en van Beneden en Hensen bij konyne. Daarna het baie ondersoekinge by diere gevolg, en veral later deur v. Spee by die cavia, en Sobotta, Burckhardt en d'Erchia bij die muis. [1]) Die migrasie-tydperk is so reelmatig gevind, dat ons nie alleen tot 'n uur toe weet, hoelang die in die buurt van die ovarium bevrugte ovum nodig het om die uterus te bereik nie, maar dat selfs die plek vooruit bestem kan word, waar, na 'n gegewe bevrugtingstydperk. die ovum onderweg aan te tref is.

Hyrtl [2]) het, bij 'n 17-jarige virgo, oorlede op die 5e dag na die begin van die menstruasie, die onbevrugte ovum opgesoek, en kort post mortem gekry in die pars interstitialis van die linker tuba, op weg van die vars gebarste follikel op die homonieme ovarium.

By diere is ook die verdere ontwikkelings-stadia nagegaan. So vind Sobotta, dat die ovum van 'n muis ca. 50 uur na die bevrugting 4, na 60 uur 8, en na 72 uur 16 delings-segmente laat sien.

Onderweg verloor die ovum sy discus proligerus, en na die 8-sellige stadium is die zona pellucida te gronde gegaan. Het die delings-segmente die getal van 25 bereik, het die ovum nog niks in grootte toegeneem nie, en lê dan enkele ure vry in die cavum uteri, voordat die vashegting plaasvind.

loge ver-
dinge in
vikkeling
bevrug-
tussen
slike en
like kiem-
e.

Daar al hierdie voorgange so reëlmatig van stapel loop, by die verskillende diersoorte, en blyk gee van so 'n mate van doelmatigheid en beslistheid, lê dit voor die hand, en hier het v. Herff op gewys, om te neem dat die mens in die biologie van die voortplanting geen uitsondering sal vorm nie. Hubrecht se onderstelling, dat die vashegting van die menslike kiemblaas grote ooreenkomste sou toon met die van die egel, soos deur

---

1) Vir volledige litteratuur; kijk bij 4) van vorige pag.
2) Ref. Bischoff, „Beiträge zur Lehre von der Menstruation und Befruchtung." Henle u. Pfeuffers Zeitschr. f. rat. Med. N. F. IV, 1855. Ref. bij v. Winckel, 1c.

hom beskrwye, het gou verwesenlik geword in die ontdekking van 'n 8-dae oud menslike ovum deur SIEGENBEEK van HEUKELOM. [1]) En dit is merkwaardig hoedat wat gevind is bij die dierlike organisme, ooreenstem met die histologiese verskynsele van ontwikkeling en implantasie bij die bekende menslike ova van PETERS, v. SPEE. [2]) BRYCE-TEACHER, STOECKEL-LINZENMEYER, STOECKEL, [3]) JUNG, LEOPOLD en HERZOG [4]). Uit hierdie waarneminge blyk dat by die tydperk van implantasie, die uterus-slymvlies nog maar alleen lokaal, in die onmiddelike nabijheid van die ovum, 'n desiduale reaksie het, en ook bij diere begin hierdie reaksie alleen bij die allereerste fermentatiewe aanraking met die slijmvlies. Dat die ovum dus by die implantasie 'n primêre onafhanklike rol speel, het v. SIPPEL eerste op gewys, en na hom, HOFMEYER, KOSSMANN, KÜSTNER, MARTIN o.a. [5])

Die ovum speel 'n primêre rol bij die implantasie.

Wanneer en waar impregnasie plaas vind.

Maar, die ontwikkeling met gelyktydige migrasie en die implantasie wat daarop volg, word vooraf gegaan deur 'n ander belangrike faktor, nl. die impregnasie. Dit is duidelik, dat tyd en plaas van die ontstaan van impregnasie, van reëlende invloed moet wees op die bestemming van die plaas van implantasie, daar die trophoblast by voldoende ontwikkeling daadlik in aksie tree.

Die transport van die ovum is passief, en word deur die cilia van die fimbria en tubae bewerkstellig. Of peristalsis van die spierwand van die tubae 'n rol speel bij die transport, is nog nooit bewijs nie [6]).

Die trilhaarbeweging maak dit opsigself al onwaarskynlik dat die heeltemaal passiewe ovum, na vrylating uit die Graafse follikel, op die spermatozoa sou wag.

HYRTL se ovum was op die 4e dag van die menstruasie al in die pars interstitialis tubae! Dit is baie waarskynliker dat die

---

[1]) SIEGENBEEK van HEUKELOM, Nederl. Tijdschr. v. Verlosk. en Gyn. 1898 IX, p. 83.
[2]) Ref. v. Winckel, Handbuch d. Geburtshilfe, 1903 I. i. p. 178.
[3]) STOECKEL, Lehrbuch der Geburtshilfe, 1923, p. 53.
[4]) DE LEE, Principles and Practice of Obstetrics, 1918, p. 28.
[5]) HITSCHMANN und LINDENTHAL, Zentblt. f. Gyn. 1903, p. 269.
[6]) v. JASKHKE UND PANKOW, Lehrbuch d. Geburtsh. 1923, p. 13.

spermatozoa, soos by diere gevind deur HAUSMANN, PERCY, BOSSI en DÜHRSSEN, 'n vitaliteit van ettelike dae besit en, ook by die mens, telkens in die buurt van die ovarium verskyn [1]). STRASSMANN meen naamlik, dat van die menigte spermatozoa, (Vollens LODE [2]) sou daar nie minder as 200—300,000,000 per ejakulaat verteenwoordig wees nie!), daar dae lang vars eksemplare by die ovarium opdaag.

wensduur van rmatozoa.

HOEHNE en BEHNE [3]) meen dat spermatozoa waarskynlik nie langer as ca. 3 dae in die tubae „Funktionstüchtig" bly nie.

Twee klassieke voorbeelde om die hoë mate van vitaliteit van spermatozoa te bewys, is die van BIRSCH-HIRSCHFELD [4]) en DÜHRSSEN [5]). Deur eersgenoemde is by 'n vrou 16 uur na die dood durante coitu (gas-verstikking), bij obduksie nog beweeglike spermatozoa in die tubae aangetref.

By die twede gaan dit oor nog beweeglike spermatozoa, $3^1/_2$ weke post coitum, in 'n afgeslote, swaar siek sactosalpinx.

Maar by geeneen van die gevalle handel dit dus oor weefselreaksie by 'n lewendige genitaal-gezonde vrouw nie.

Om laasgenoemde eise in ag te neem, het NÜRNBERGER [6]) by so vars moontlik ondersogte normale tubae — as bykomstigheid operatief verweider — lewendige spermatozoa gesoek . . . . . en gekry. In een geval 13, in die ander 14—15 dae post coitum. Die kliniese verpleging het respektiewelik 6 en 10 dae geduur.

Hier is dus twee positiewe gevalle wat oneindig meer gewig het as 'n honderdtal negatiewe: en waaruit blyk dat spermatozoa ook in die gesonde tubae van die vrouw, langer in lewe bly as tot nog toe aangeneem is.

wensduur van ie ovum.

Ons huidige kennis omtrent die lewensduur van ryp menslike ova, berus nog alleen op vermoedens, en na analogie met wat by diere gesien is. Dit blyk naamlik, dat die ovum teen skade-

---

1) HITSCHMANN und LINDENTHAL, Zentblt. f. Gyn. 1903. pag. 270.
2) v. JASCHKE und PANKOW, Lehrbuch, 1c.
3) Zentblt. f. Gyn. 1914, No. 1. Gee ook volledige Litteratuur-opgawe.
4) BIRSCH-HIRSCHFELD, Ref. Zweifel, Lehrbuch d. Geburtsh. 1903, no. 35.
5) DÜHRSSEN, Ref. Zentblt. f. Gyn. 1893, p. 593.
6) NÜRNBERGER, Monatschr. f. Geb. u. Gyn. LIII, 1920, p. 98.

like momente lang nie sooveel weerstand kan bied soos spermatozoa nie. Wanner b.v. spermatozoa bevries word, en dan weer ontdooi, dan keer die eie-beweging terug, terwyl ova te gronde gaan[1]). Spermatozoa word deur nie al te gekon sentreerde sout-oplossinge nie beskadig nie, terwyl ova by dieselfde konsentrasie hul vitaliteit al verloor het[2]). Ook deur narkotika word die ovum gouer gedood als spermatozoa, vollens HERTWIG[1]).

Vollens bogenoemde feite lyk dit dus of STRASSMANN se idee dat die bevrugting in die omgewing van die ovarium, of in die infundibulum tubae plaasvind, erg waarskynlik is.

Dit is egter vrywel seker dat, wanneer 'n ovariale swangerskap plaasgevind het, die bevrugting geskied het al vóórdat die ovum hom in die tuba bevind het; en, in geval van die swangerskap op die fimbria, en by die tuba-ovariale, en rein tubêre vorme: voordat die cavum uteri bereik was.

Nou bly daar nog twee belangrike punte oor, wat betrekking het op die ontstaan van ekstrauterine swangerskap, nl. die tydelike en plaaslike verhoudinge by die optree op die toneel van spermatozoa en ova onderling; en, in die twede plaas, die verskillende weë deur elk gekies. Gewoonlik kruis hierdie faktore mekaar.

Wanneer vind owulasie plaas?

Oor die belangrike vraag van die tydperk van vrylating van die ovum uit die Graafse follikel, heers nog 'n enorm uiteenlopende reeks van meninge. Die verskillende vraagstukke, of die follikelsprong wel of geen verband het met die menstruasie nie; hoe dikwels daar 'n nuwe ovum vrygelaat word, en veral wanneer; is op sigself veel te onseker en ingewikkel om hier op in te gaan. Voorlopig egter enkele opmerkinge.

PFLÜGER (1867) het gemeen dat owulasie en menstruasie saamval. Later, egter, het hieromtrent twyfel ontstaan, en is daar elk verband tussen die twee prosesse verloë, tot FRAENKEL[3]) in 1910

---

1) HERTWIG, Lehrb. der Entwicklungsgeschichte, 9 Aufl., p. 79.
2) LOEB, Pflügers Archiv. Bd. 93, 1902.
3) FRAENKEL, Archiv. f. Gyn. 1910 Bd. 91, p. 705.

weer begin het om te verdedig dat elke vier weke 'n owulasie plaasvind, en wel tussen die 13—17e dag na die menstruasie begin het. SCHROEDER [1]) (1914), het ongeveer dieselfde verdedig. MEYER [2]) (1911), het ooreengestem met SOBOTTA. dat dit onjuis is om aan te neem dat elke maand 'n corpus luteum gevorm word, en dat groot indiwiduele verskille, selfs by dieselfde vrou, kan bestaan. Twee jaar later het hy, saam met RUGE, hierdie oordeel weer herroep; die owulasie sou plaasvind onmiddelik of kort na die menstruaal-bloeding [3]). LEOPOLD [4]) en RAVANO meen dat, in twee-derdes van gevalle, menstruasie en owulasie saamval; HEGAR [5]) meen dat die bars van die follikel vlak voor, en MILLER [6]), 9 dae, vóór die menstruasie geskied.

CHAZAN en LOEB (albei 1911) verdedig dat menige owulasie die gevolg sou wees van die kohabitasie. VAN DER HOEVEN [7]) vind dat, „Summa summarum blijkt er dus veel voor, om aan te nemen, dat de menstruatie onafhanklik is van de ovulatie, dat, waar graviditeit ontstaat, ovulatie en cohabitatie zijn samen gevallen, en dat onder normale omstandigheden de bevruchting in het cavum uteri tot stand komt."

Die beslissing wankel dus nog erg!

verskil-
de weë
r ova en
rmatozoa
gevolg.
ligratio
xterna.

Nou, wat betref die verskillende weë deur ovum en spermatozoon gekies. Dit het groot invloed op die tot stand kom van abnormale implantasie. Kan bv. die spermatozoa 'n ovum bij die linker ovarium nie via die gelyknamige tuba bereik nie, is dit geblyk, dat wanneer die ovum hom by die ovarium van oorsprong stilhou, daar spermatozoa langs die ander tuba heen 'n bevrugting teweeg bring. Die geslaagde candidaat moes dus 'n aansienlike reis afgelê het, in aanmerking geneem die ongebaande, met baie makroskopiese kronkels bemoeilikte weg, wat

---

1) SCHROEDER, Archiv. f. Gyn. 1914 Bd. 101, p. 1.
2) MEYER, Archiv. f. Gyn. 1911, Bd. 93, p. 354.
3) MEYER en RUGE, Zentblt. f. Gyn. 1913, p. 50.
4) LEOPOLD en RAVANO, Archiv. f. Gyn. 1907, Bd. 83, p. 568.
5) HEGAR, Archiv. f. Gyn. 1914 Bd. 101, p. 568.
6) MILLER, Archiv. f. Gyn. 1910 Bd. 91, p. 530.
7) VAN DER HOEVEN, Ned. Maandskhr. v. Geneesk. 1920, p. 22.

so 'n mikroskopiese organisme langs moet swem. Hoewel die afstand baie anders is as wat voorgestel is op die gebruiklike skematiese T-vormige voorstelling, moet óók nog in aanmerking geneem word, dat by hierdie wedloop daar miljoene deelneem.

'n Besonder mooi en leerryk geval van wat net genoem is, het FUCHS [1]) beskrywe.

Op 6 Feb. 1922, is by die pasient 'n linkssydige tubêr-abortus gediagnostiseer, en by die laparotomie, is die hele linker tuba deur 'n wig-vormige isisie, met behoud van die ovarium, uit die tubêr-hoek van die uterus weggeneem. Die uterus-wond is geheg, en daaroor die rande van die peritoneum oormekaar geheg. Op die homonieme ovarium het geen corpus luteum gesit nie, maar wel een op die van die anderkant.

Ontslag, genees, op 20 Feb.

Na die tyd het sy twee keer gemenstrueer; laatste keer, 30 Maart tot 3 April. 7 Aug. onmiddelik na gienekologiese ondersoek, kollaps.

Dadelik laparotomie, met verwydering van 'n 10 × 9 × 9.5 cM. groot linker ovarium. Die peritoneum was oor die wond van die vorige linker salpingektomie volkome glad genees. Die regter tuba was nog net so mooi soepel, en gesond uitsiende soos by die vorige operasie, en die tumor blyk by ondersoek 'n egte eksemplaar te wees van 'n ovariaal-swangerskap.

By die twede operasie het hierdie pasient dus 'n volmaakte voorbeeld gegee van wat net gesê is. Die spermatozoon het via die regter tuba die linker ovarium bereik. Maar merkwaardig is, dat die vrou by die eerste siekte ook 'n voorbeeld gelewer het van die sg. uitwendige omweg van die ovum, of „migratio externa". Die ovum het van die r. ovarium gekom, en langs die pad na die uterus toe, in die l. tuba bly sit.

Die eerste om die aandag te vestig op die betekenis vir die ontstaan van ektopiese swangerskap, van die migratio externa, was V. SIPPEL [2]), in 1901. Later is herhaalde kere

[1]) FUCHS, Monatschr. f. Geb. und Gyn. Juni 1923, p. 1.
[2]) V. SIPPEL, Zentbit. f. Gyn. 1901, p. 289.

gevalle beskrywe as voorbeelde hiervan. Soos hy self in 1903 [1]) weer duidlik gemaak het, bly die ovum in die tuba steek, nie omdat dit langs die omweg groter geword het nie (dit gebeur naamlik ook nie, vgl. p. 11), maar omdat hy ondertussen, soos v. SIPPEL dit noem, „nidationsfähig" geword het.

By verskeie gevalle uit hierdie kasuïstiek, soos later sal blyk, het die migratio externa plaats gevind.

atio interna. Daar is egter nog 'n twede vorm van migratio. Maar STOECKEL [2]) sê in sy nuutste leerboek: „Die innere Überwanderung des Eies, bei der das Ovulum aus einer Tube zunächst in das cavum uteri gelangt und von hier in die andere Tube gelangen soll, ist bisher unbewiesen".

Dit is dus interessant dat juis 'n geval van gelyktydige extra- en intrauterine swangerskap dit moet vertoon, soos ANDREWS [3]) in 1912 voor die Royal Academy of Medicine voorgestel het. Die migratio interna het 'n interstiële swangerskap veroorsaak (geval no. 202).

Om nie stil te staan by besonderhede omtrent die histologiese verskynsels by die normale implantasie van die ovum op die tiepiese plekke in die normale uterus nie, soos vermeld deur die reeds genoemde ondersoekers (PETERS, LEOPOLD, ens.), kan ons hier kortweg 'n oorsig gee oor die meesvoorkomende vorme van ekstrauterine swangerskap, om die voorbeelde daarvan, soos in hierdie kasuïtiek aangetref, dan nader te bespreek in Hoofstuk III. Voorlopig word hier ook nagegaan, die verskillende oorsake van ektopiese swangerskap in die algemeen.

verskil- e vorme ektopiese ngerskap. Vollens die plekke waar hul voorkom word die verskillende soorte so ingedeel:

1. Ovariaal,
2. Abdominaal
   a. primêr, en
   b. sekondêr.

---

[1]) Demonstrasie voor die Mittelrheinische Gesell. Ref. Monatschr. f. Geb. u. Gynäk. XXX, 1909, p. 114.

[2]) STOECKEL, Lehrbuch der Geburtschilfe 1923, p. 687.

[3]) ANDREWS, Proceedings of the Royal Acad. of Med. Vol. VI, No. 2, p. 52–53, 1912.

3. Tubêr, in die
   a. pars ampullaris,
   b. pars isthmica,
   c. pars interstitialis; en
4. Tubo-ovariaal, d. i. die vorme insluitende pars fimbrica tubae en ovarium.

Verreweg die meeste, kom die tubêre vorm voor, en is in hierdie kasuïstiek ook die sterkste verteenwoordig.

'n Bewysende geval van die primêre abdominale vorm waaroor eenheid van opinie bestaan is nognie waargeneem nie, maar meerdere male is daar berig omtrent die sekondêre implantiese en verdere ontwikkeling van 'n jong eiertjie wat eers in die tuba gesit het, maar deur 'n vroegtydige tubêr abortus uitgestoot was.

Etiologie van ektopiese swangerskap.

Die oorsake vir die ontstaan van ektopiese swangerskap, moet van verskillende kante betrag word. Die groot algemeen oorsaak is, in die meeste gevalle, seker die ontsteking.

Die eerste mense om hieraan hul aandag te skenk, was oa. Schroeder, Leopold, Depaul. en Lawson Tait, en hul het aangetoon dat ou katarrale prosesse baiekeer hierbij 'n rol speel. [1]) Maar dit gebeur op verskillende maniere, soos uit die vollende reeks van duidelik gekonstateerde momente sal blyk.

Die eerste kom in aanmerking die invloede wat die transport van die ovum verhinder.

Wat betref die vorm van die tuba-lumen; hier lewer infantiele tubae die één, en kronies ontstoke adnexa die ander hoofoorsaak op.

Bij infantiele tubae [2]) ontbreek die trilhaarepiteel pleksgewyse, en word die vogstroom ontoereikend vir sy doel, en is die tubae self baie slanker en meer gekronkel as gewoonlik.

Ontstekinge veroorsaak verklewinge tussen die mase van die slymvlies-voue (veral in die pars ampullaris), en blinde gange

---

[1]) Werth, in v. Winckel. Handb. etc. 11, 2, 1904, p. 860.

[2]) Freund, v. Volckmanns Sammlung Klin. Vorträge, 1888, Nr. 323. Ref. Kelly, Operative Gynaecology Vol. 12 London, 1898, p. 431.

en uitbogtinge van die lumen, wat tot in die spierwand loop. Laasgenoemde sou die gevolg wees van limfogeen ontstaan absessies wat deurgebreek het in die lumen, en waarvan die wande later geëpiteliseer is. [1])

Ook aksessore tubae en ostia dien hierby genoem te word, wat sou veroorsaak dat die ovum „verdwaal". [2])

Die lumen van die tuba kan op verskillende maniere vernou wees. Daar kan poliepe in die lumen sit, of 'n myoma kan in die buurt van die cornu uteri [3]) die lumen ondeurganklik maak. Peritonitiese adhaesies en strenge kan die tuba van buite af digsnoer totdat dit haas geamputeer is [4]). Na poginge tot sterilisasie, of by gedwonge operatiewe ekstirpasie van 'n tuba, is al vaak die sg. „stump pregnancy" van engelse autore aangetref, waarby dan die swangerskap plaasvind op die stomp van die vroër geëkstirpeerde tuba. [5])

Verder word die swelling teweeg gebring deur die desiduale reaksie van die tubêr-slymvlies aanspraaklik gestel vir die toestand by dubbele tubêr swangerskap, en by gelyktydige ekstra- en intrauterine swangerskap.

Atrofie en hiepoplasie van die muskulatuur van die tuba kan primêr bestaan [6]), of dit sou die gevolg wees van puerperale hieperinvolusie by te langdurige laktasie. [7])

Ook anomalië van die ovum kan 'n rol speel.

Hieronder val primêre misvorming vollens MALL [8]), en die vroegtydige verlies van die discus proligerus, wat veral sou plaasvind by die follikelsprong aan kronies ontstoke ovaria [9]). Daar word

---

1) LANDAU und BREINSTEIN, Archiv. f. Gyn. XXXIX, p. 273.

2) HUFFMANN, Surgery, Gyn. and Obstetrics 1912, XVI, p. 548 en KOSSMANN, Zeitschr. f. Geb. u. Gyn. XXVII, p. 266.

3) V. OLSHAUSEN, Ref. Penkert, Zentblt, f. d. gesammte Geb. u. Gyn. 1914 IX, p. 161.

4) KELLY, Operative Gynaec. Vol. 11, p. 433.

5) MORFIT, Medical News, June 2nd 1900, en BENZEL, Beiträge zur Geb. u. Gyn. 1912 XVII, p. 162.

6) STRASSMANN in v. Winckel 1c.

7) TAYLOR, Extrauterine Pregnancy, London 1899, Ref. Werth.. 1c.

8) MALL, Surgery, Gyn. and Obstetrics, 1915, 11, p. 289.

9) KOSSMANN, Zeitsch. f. Geb. u. Gyn. 1893, Bd. 27, p. 214.

ook beweer dat 'n tweeling-ovum deur sy grootte. 'n bemoeilikte deurtog deur die tuba sou hê.

Van groot betekenis is ook die verlenging van die geleidingsbaan. Die vernaamste verteenwoordiger hiervan is die reeds genoemde uitwendige omweg van die ovum. Dit kan skynbaar heeltemaal primêr van aard wees, of dit kan lê aan een of ander abnormaliteit van die homonieme tuba.

Verder kan die tuba langerek wees by intraligamentêre, ovariale en parovariale tumore [1]).

Merkwaardig is die ontstaan van ekstrauterine swangerskap by totaal ontbrekende uterus! SCHROEDER vertel van 'n geval van KOEBERLE waarby, na ekstirpasie van die uterus tengevolge van 'n myoma, die bevrugting plaasgevind het deur 'n cervikaal fistel wat na die operasie oorgebly het. Die swangerskap moes noodwendig ekstrauterien wees! [2]) Die nuutste geval is van MC. MILLAN en DUNN, waarby die moeder by die twede(!) dergelike swangerskap gesukkombeer is [3]).

Van die menigte teorië wat oorbly, mag o.a. genoem word die van DE SNOO, dat ontstoke tubae beter groeivoorwaardes lewer vir die ovum [4]), die van SCHIL [5]), dat anomalië van die interne sekresie van die corpus luteum, ten gevolge sal hê, 'n onvoldoende peristalsis van die tuba. BOLLE [6]) wil ook op abnorme wydte van die tuba wys, as moontlike oorsaak van onvoldoende transport. v. NEUGEBAUER [7]) meen dat die verskillende onwettige ingrepe bij tentamen abortus provocaudi, veral ontstekingverwekkende intrauterine spoelinge, 'n groot rol speel by die hoë syfer van ekstrauterine grawiditeit by prostitué's.

Die verloop van ekstrauterine grawiditeit word nader op in-

---

1) AMANN, Monatschr. f. Geb. u. Gyn. 1901. XIV, p. 691.
2) SCHROEDER, Lehrb. der Geburtshilfe, 1893, p. 463.
3) MC MILLAN en DUNN, Journal of the Amer. Med. Association 1921, No. 16, p. 183.
4) DE SNOO, Ned. Tijdschr. van Verlosk. en Gyn., 1906, XVII, p. 141.
5) SCHIL, Ref. Zentblt. f. d. ges. Geb. u. Gyn. 1914, IV, p. 709.
6) BOLLE, Ned. Maandschr. v. Geneskunde, 1920, p. 27.
7) V. NEUGEBAUER, Gynäkolog. Rundschau, VII, 1913, p. 396–412.

gegaan by die bespreking van die komplikasie met gelyktydige uterine swangerskap. Maar op enkele besonderhede, veral van die tubêre swangerskap, dien voorlopig gelet te word.

Ektopiese implantasie van die ovum.

Die lot van die ekstrauterine tubêre vrug is vroegtydige tegronde-gaan. Relatief selde oorlewe die swangerskap die eerste drie maande, en by hoë uitsondering bereik die vrug volkome ontwikkeling. So gee DÖDERLEIN [1]) aan, dat by 71 van sy gevalle, 68 tusse die Ie en IIIe swangerskapsmaand tegronde gegaan het; 2 die VIe en 1 die Xe bereik het.

Die oorsaak van hierdie stelselmatige afsterwe lê daarin, dat die tuba, deur sy anatomiese bou, ongeskik is om (in teenstelling met die uterus) die ontwikkeling van die ovum tegemoet te kom. Maar, behalwe dat die vrug dan kan afsterf deur gebrek aan voeding, maak hy deur die snelle groei en die cytolytiese werking, 'n nogal aggressiewe logé uit.

Terwyl die in die uterusslymvlies ingevrete ovum prompt van ryklik woekerende vaatryke desidua omgeef word, en die groei van die ovum met snelle en toenemende tegemoetkoming begunstig; is die skraal met bindweefsel bedeelde elemente van die tuba nie in staat om so 'n ongewone ombou klaar te speel nie. Al baie gou deur die slymvlies heen, kom die woekerende chorion in aanraking met die spierwand, wat nog minder as die bindweefsel in staat is om die behoeftes van groei by te hou, maar, in teendeel, deur die wasdom aangevreet en dunner word. Die dungeworde kapsel gaan gewoonlik na enkele weke al ruptureer, of word deur die woekerende chorion geusureer. So is dan ook die uitdrukking geregtig, van WERTH, in sy uitgebreide werk in die handboek van v. WINCKEL, „Das Ei gräbt sich in der Tube nicht nur sein Bett, sondern auch sein Grab".

Tubêr-abortus en tubêr-ruptuur.

DÖDERLEIN meen dat die benaminge „tubêr-abortus", en „tubêr-ruptuur" ontoereikend en misleidend is, en gebruik daarom die terminologie van WERTH, nl., „äussere Fruchtkapselaufbruch", waarby die tubawand met die peritoneale bekleding inskeur, en „innerer Fruchtkapselaufbruch", waarby die bloed by die bars

[1]) DÖDERLEIN. in Küstner. Lehrb. d. Gynäkologie, 1919, p. 343.

Die agterbly van „E" na geboorte van „I", is 'n bron van gevaar vir die moeder. „E" kan spontaan uit die moederlike organisme uitgestoot word, of die vrug word in die buikholte geretineer. As derde moontlikheid bestaan nog die operatiewe verwydering van „E". So is in die geval van GOESMANN 6) „E", 5 dae na die partus van 'n lewendige voldrae kind, per anum uitgestoot, en is die moeder dood aan die gepaardgaande infeksie. Die pasient van WEBER 13) het die infeksie deurstaan, en „E" is 2 maande na die partus, per anum uitgestoot, netso die van PENNEFATHER 21) waarby „E" 6 maande later tevoorskyn gekom het. Die pasient van PESZYNSKI 168) is meer as 5 jaar later aan kroniese ettering gesukkombeer. CHABERT 33) het „E" 5 maande later in die buurt van die nawel, die buikwand sien perforeer; die vrou is herstel. Dat „E" tog per vaginam tevoorskyn kom, het SATTERTHWAIT 30) waargeneem toe 5 maande

---

*) *Die nommers is die van die gevalle uit de Kasuistiek.*

na „I" gebore is, 'n deurbraak plaasvind in die lacquear posterior, en die gemasereerde vrug manueel deur die opening gehaal is.

Retensie van die ekstrauterine vrug, met minstens gedeeltelike resorpsie, is waargeneem in die gevalle van Loudon 10), Clarke 18), en Harriman 48). Ook by die van Pellischek 24), Dumollard 36), en Mathewson 77), is die vrug klagteloos geretineer. In die laasgenoemde geval is die vrou herhaalde male later weer swanger geword.

Operatiewe verwydering het plaasgevind in die vollende gevalle, „E" is lewendig behou in 6 gevalle; Boyland 37) het 26 dae post partum laparotomie gedoen, maar die bloedverlies was letaal, daar die vrugsak vergroei was met omentum, colon transversum, dunderm, en colon descendens: terwyl die placenta in drie dele gesit het, aan die fundus uteri, linker tuba, en linker ligamentum latum respektiewelik. Ludwig 70) het ook die moeder in lewe behou, die 5 dae post partum 'n treinreis van 17 uur gemaak het om op sy kliniek te kom! Ook Strathy 108) moes sy pasient verloor deur onstilbare bloeding uit die placentêr insersie (placenta agtergelaat). Miller 160) sou keisersnee doen weens 'n tumor in die klein bekken, wat die partus onmoontlik maak. Onder die voorbereidinge vir operasie word „I" gebore. Tot die verbasing van almal is daar tekens van 'n twede vrug in die buik, maar buite die stewig gekontraheerde uterus. Ook hier is toe die lewendige ekstrauterine vrug verwyder, met behoud van die moeder. Bogdanovits 213) het 22dae post partum 'n dergelike sukses behaal.

4 Ekstrauterine kinders is pas na al afgesterf te wees, uit die buik verwyder. Rosshirt 15) het kolpotomie gedoen. Herzfeld 54). Worrall 53) en Royster 73), het laparotomie gedoen. Moore en Sale 26) het by keisersnee „E" tegelykertyd verwyderd, maar die moeder verloor. Franklin 59) het alleen „I" behou by 'n keisersnee, uitgebrei tot uterus-ekstirpasie vollens Porro.

Cooke 22) moes „E" opsy druk om versie en ekstraksie te doen by „I". Die vrou is gesukkombeer 24 uur na die ingreep (geen uterus-ruptuur nie) en „E" is toe by obduksie ontdek.

In die gevalle van Pollak 28) en Wilson 38), respektiewelik 14 dae, en 'n maand post partum, is die vrou gesukkombeer, en „E" bij obduksie ontdek. Bij Nos. 31 en 47 is geen obduksie gedoen nie, maar die teenwoordigheid van die ekstrauterine vrug was duidelik. Bij Nos 8. en 11 is die lot van „E" ombekend.

(b) *In die meeste gevalle* — **141, d.i. 62%** — *is die swangerskap van „I" sowel as van „E" vroegtydig onderbreek.* Baie van hierdie gevalle was van die baie gevaarlike karakter soos die een van v. Neugebauer 131) waarvan hy sê: „Wer einmal solchen Fall in seiner Praxis erlebt hat, der wird ihn stets vor Augen behalten. . . . . Gott sei dank wird die Mortaliteit deste mehr abnehmen, je mehr der Praktiker sein Augenmerk auf die Diagnose richttet." Voor die jaar 1903 is van 66 gevalle, 30 gesukkombeer! Deur beter operatiewe tegniek is die mortaliteit opvallend verbeter, maar hierdie syfers is alleen om aan te toon die erns van die komplikasie.

Bij 60 van die 141 gevalle het „I" vóór die ekstrauterine vrug tevoorskyn gekom:

Representante van hierdie vorm is die gevalle waarby 'n uterine abortus plaasvind, en „E" daarna operatief verwyder word. In hoe verre die teenwoordigheid van „E" aanspraaklik mag wees vir die uitdrywe van die uterine vrug, is gewoonlik nie met beslistheid uit te maak nie.

Baum 68) se pasient het in die 3e swangerskapsmaand weëagtige pyn gekry, en by ondersoek blyk dat die uterus die grootte het van 'n swangerskap van 2 maande. Agter die uterus links, sit 'n klein tumortjie, gehou vir 'n ektopiese ovarium. Twee dae later begin die vrou vloei, en na 8 dae werd „I" uitgestoot. Die bloeding hou egter aan, en die tumor werd nou gehou vir 'n tubêr swangerskap. Die laparatomie het die diagnose bevestig.

Thompson 89) het „E" door kolpotomie verwyder. In die geval van Meyer 112) kry die vrou die menses 2 dae later as gewoonlik, en 3½ weke later heftige pyn in die onderbuik. Nog 1½ week het sy gedurig meer of minder gevloei, en by opname in

die kliniek word 'n diffuse resistensie gekonstateer in die cavum Douglasi. Daar is geen tumor af te grens nie; die ostium uteri oop. Met 'n koëltang luk dit om uit die uterus 'n placenta te verwyder. Die vrou kry egter las von obstipasie, begin koors, die abdomen sit op, en sy begin opbring. Herhaling van die ondersoek wys dat die lacquear posterior sterk promineer. By kolpotomie kom daar ruim 'n liter bloed tevoorskyn, en 3 dae later verskyn daar bij uitspoel van die holte met Cl_2-water, 'n placenta.

Stillwagen 122) het vóór die abortus al obstipasie waargeneem.

v. Neugebauer en Winawer 132) het 'n vrou behandel wat, na die menses 2-maal uitgebly het, 14 dae lang onreelmatig gevloei het, en toe plotseling 'n kollaps kry en sterke anaemie. Onder voorbereiding vir operasie luk dit met opium en stimulantia die toestand te verbeter. 5 daë later word 'n uterine abortus deur curettage opgeruim. Na nog 5 daë kry die vrou opnuut 'n kollaps, en by die laparotomie word daar 'n tubêr abortus ontdek.

Weibel 136) het gesien hoedat, aan die end van die 2e maand, daar heftige weëagtige pyne optree en bemoeilikte miksie.

'n Tumor word ontdek in die cavum Douglasi, en na 'n paar dae begin die vrou te vloei. Die ostium gaan oop, en 'n abortus van die 9e week word opgeruim. Dieselfde dag nog word geopereer, en 'n linker tubêr ruptuur gekonstateer. Klein 201) maak by 'n 1—2 maande swangere die diagnose van tubêr swangerskap. Na 'n abortus, 14 dae later, laat hy die diagnose weer vaar. 3 weke na die abortus kry die pasient ineens heftige kolieke, en bring op. 'n Chirurg diagnostiseer; òf ileus òf ektopiese swangerskap. By die laparotomie luk dit tog nog om die byna verbloeide vrou te red. Daar was 'n ruptuur van die regter tuba, Die geval van v. Neugebauer en Winawer het 'n gelykenis in die van Andrews 202). Ook hier was opvallend die plotselinge heftige koliekpyne, anaemie en vomitus, tegelyk met opsit van de buik. Müllerheim 208) het in sy kliniek iemand met hyperemesis in die 2e maand. Drie weke na opname kry sy appendicitisagtige klagte sonder koors, en aborteer die vollende dag. 'n Week later kry sy akute pyn, 'n opgesitte buik, singultus, sterke

anaemie, en word polsloos. Laparotomie bewys die teenwoordigheid van 'n regs-sydige tubêr abortus. In die geval van Desgouttes 209) is die salpingektomie 3 maande, en in die van Dokter 79) 7 maande na die abortus uitgevoer. Grote 216) het 2½ maande na die laatste menstruasie kolieke en bloeding waargeneem, 'n maand later gevolg deur abortus en curettage. 8 Dae later is die laparotomie gedoen.

Vaginale terpentyn-spoelinge vir bloedstelping by ruptuur van „E" is waarskynlik die oorsaak gewees van die abortus in die geval van Brackett 206). Stolz 173) het weens psigiatriese indikasie abortus arte provocatus verwek; 17 dae later kry die vrou plotselinge heftige pyn, anaemie, pols 130 pm. en haematocele retrouterina. Laparotomie. Mc. Clintock 63) en Hirst 58) het gevalle van tubêr ruptuur behandel, ontstaan na kriminele tentamen abortus provocandi.

Grandin 99), Vineberg 128), en Worrall 130) is na diagnostiese curettage verras deur ruptuur van 'n gelyktydig bestaande tubêr swangerskap. Na intrauterine manupulasie (welke?) is Chavannaz 159) op dieselfde manier deur kellaps en sterke anaemie verras.

In gevalle No. 16, 29, 43, 57, 67, 85, en 181 is die vrou gesukkombeer aan tubêr ruptuur, optredende na 'n abortus sonder duidelike oorsaak. In gevalle No. 1, 2, 4, 14, en 51, bestaan daar 'n dergelike gang van sake, maar is aan te neem dat hier die teenwoordigheid van „E" die oorsaak was van die ekstrauterine vrugkapselskeur.

Bij Nos. 61, 74, 92, 102, 114, 120, 124, 142, 195, 197, 199, 200, 207, 220, 233, en 234, is daar sonder definitief aan te gewe oorsake, abortus ontstaan, gevolg deur simptome van ruptuur van 'n ekstrauterine swangerskap. „E" is toe deur laparotomie verwyder.

Respektiewelik 5 dae en 2 maande na die abortus, het Schumacher 149) en Pinos 146) 'n tumor in die buik ontdek en geëkstirpeer. Taylor 154) het gemeen dat hy dit met 'n myoma te doen het.

In die gevalle van Morrisson 121) en Whitcomb 49) het „E" interstisieel gesit en na „I" óók via die uterus gekom.

De Rossett 35) moes by 'n partus praematurus die placenta manueel verwyder en merk toe dat dit vassit juis waar die ekstrauterine tumor teen die uterus kom. Nege weke later is „E" deur die uteruswand heen en via cervix uteri en vagina na buite gekom!

Gevalle 42 en 43 het albei letaal verloop vir die moeder deur ruptuur van die ekstrauterine vrugsak na 'n partus pramaturus.

By 81 van die 141 gevalle waarby die swangerskap van „I" en „E" albei vroegtydig onderbreek is, het die *ekstrauterine vrug vóór die intrauterine tevoorskyn* gekom.

As daar onder die laasgenoemde rubriek urgente en dreigende gevalle was, dan is hul onder hierdie een nog sterker verteenwoordig.

Hier tref ons die akute en buitegewoon lewensgevaarlike toestand wat so karakteristiek is van ekstrauterine swangerskap. En die dreigende toestand kom, in die meeste gevalle, tot 'n keerpunt op die operasietafel; of eindig met die dood van die moeder, en word die raaisel pas by obduksie opgelos. Vaak genoeg, ongelukkig, kom die operasie — wat hier die reddende faktor is — te laat; óf omdat die toestand te akuut ontstaan het en kosbaar bloed verspil is, óf omdat die diagnose soms so moeilik te stel was.

Van die 81 gevalle is daar 67 geopereer vir ekstrauterine swangerskap!

(I) Hieronder is daar 47 waarby, na die operatiewe ingreep, abortus van „I" gevolg het: Nos. 12, 40, 56, 60, 64, 69, 71, 72, 75, 76, 80, 91, 94, 95, 101, 109, 110, 118, 119, 121a, 123, 124a, 126, 129. 135, 137, 138, 151, 156, 158, 161, 162, 165, 171, 178, 183, 184, 198, 204, 205, 212, 215, 217, 218, 226, 236, en 229.

(II) 9 Keer is „I" verwyder deur uterus ekstirpasie: Nos. 65, 111, 143, 163, 175, 185, 189, 191, en 127.

(III) By 5 is die moeder na die operasie gesukkombeer, en is die diagnose by obduksie volledig gemaak: Nos. 66, 113, 1216, 155, en 179.

(IV) By No. 210 is post operationem direk oorgegaan tot verwydering van die uterine vrug deur curettage.

(V) In geval No. 194, is in die 5e maand 'n 27 cM. lang vrug uit die cavum Douglasi gehaal en die laparotomie uitgebrei tot 'n „praemature" Sectio Caesarea (indikasie?), en 'n 32 cM. lang vrug uit die uterus gehaal.

(VI) By No. 153 is „I" 5 maande na die ingreep as partus praematurus voor die dag gekom.

Van die nie-geopereerde gevalle, is „E" by Nos. 32 en 34 deur die rectum uitgestoot. en „I" respectiewelik 6 weke en 10 dae later deur abortus tevoorskyn gekom:

In 8 gevalle is die moeder gesukkombeer by die ekstrauterine vrugkapselskeur, en is „E" sowel as „I" by obduksie ontdek. Nos. 7, 17, 20, 25, 52, 87, 131 en 133.

Soos ons sien, speel binneste en buitenste vrugkapselskeur hier 'n groot rol. Uit die gesamelike kasuïstiek van 242 gevalle, het die ekstrauterine vrug in 192 vroegtydig te gronde gegaan, d.i. in 79 %. Hiervan is die grootste gedeelte weer deur ruptuur van die vrugkapsel afgesterf. *Dit is daarom die simptomatologie van die vrugkapselskeur wat domineer by die verloop van gelyktydig bestaande ekstra- en intrauterine swangerskap.*

Die kliniese verloop is gewoonlyk so:

Die meeste vroue glo dat hul swanger is, daar die menses één of meerdere kere uitgebly het, en kla oor niks besonders nie. Baie keer bemerk hul selfs dat die melksekresie al begin het. Die eerste simptoom gewoonlik, is pyn begelei deur bloeding. Is die swangerskap erg jong, dan meen die vrou soms dat dit die gewone menstruaalbloeding is. So vind ons in 'n geringe aantal gevalle dat die „menses" 'n dag of wat later gekom het as gewoonlik (112, 209), of 'n dag te vroeg (206); by ander weer, het dadelik na die „laaste menstruasie" al (111) pyn en bloeding opgetree. Vaak sonder die minste aanleiding, maar meestal by een of ander ligamelike inspanning, by die werk, of deur ander omstandighede, tree daar heftige pyn op in die onderbuik, aan die een of ander kant. Die vrou voel haar flouerig

en swak, kan selfs plotseling bewusteloos neerval, waaraan dan aansluit simptome van inwendige verbloeding, of van 'n bloeding in verhouding baie sterker as die van die geringe bloedverlies uit die vagina. Die vrou wat na dit skyn, 'n oomblik tevore volmaak gesond was, word bleker en bleker, is onrustig en angstig, kla oor vreeslike pyn in die buik, en kry sterke urinedrang met 'n persende gevoel in die rectum. Na enkele minute al begin sy met bleke lippe te gaap alsof sy slaperig is, en kry ewentueel ook braakneiging. Die pols is onrusbarend vinnig en so dun soos 'n draad. Die buik word steeds voller en pynliker by palpasie. Die volslae beeld van heftigste anaemie kan in die tyd van tien minute intree. Die vrou is swak, maar by haar volle verstand, of sy kan tegronde gaan in 'n uitgesproke kollapstoestand. Hierdie swaar siektebeeld is die van die s.g. uitwendige kapselskeur. Die vrug het die tubawand uiteengeskeur, en bloedende vate in die wondrande giet hul inhoud uit in die buikholte. Wie so 'n pasient dan vaginaal ondersoek, kan vind 'n uitpuiling en fluktuasie in die cavum Douglasi, waarheen die bloed sy weg volg met die swaartekrag.

Die verdikking van die tuba, veroorsaak deur die tubêr swangerskap, is vaak nie te palpeer nie; veral by 'n erg jong swangerskap, by die storende teenwoordigheid van 'n haematocele, of deur die dikwels bestaande défensé musculaire.

In sulke gevalle sukkombeer die vrou vaak sonder 'n nader diagnose (131), of nog vóórdat, by 'n laparotomie, die bloedende vate kan afgebind word (133), of die enorme bloedverlies maak dat die vrou, in weerwil van die ingreep, aan anaemie tegronde gaan (200). Deur één bloeding sterf daar dan tegelyk drie lewendige wesens.

'n Vaker voorkomende verloop is die van die s.g. binneste vrugkapselskeur (tubêr abortus). Hier gaan alles meer geleidelik.

Die bloedige is ligter van aard, en gewoonlik uitwendig, d.w.s. uit die vulva. Die uitvloed kan wees bruin-bloederig, teeragtig-donker; of vars bloed, in minder of meerder kwantiteit. Die met buikpyn gepaarde bloeding kan herhaalde kere optree,

namate die groeiende vrug stoornis verwek. Die pyn is soms buitegewoon heftig, en kan hom voordoen as egte weëpyn. Baiekeer kom daarby 'n membraneuse deciduamassa tevoorskyn, met die tiepiese driehoekvorm van die uterusholte. Word die massa nie noukeurig ondersoek nie, dan word dit maklik aangesien vir 'n abortus.

Maar die bloeding en ook die pyn word 'n paar keer herhaal, wat ook al weer aanleiding kan gee tot die diagnose van abortus incompletus, of, nog erger, tot poginge om die vermoedelike reste instrumenteel te verwyder; iets wat by 'n tubêr swangerskap direkte aanleiding kan wees tot ruptuur van die tuba! Die selfde gevaar skuil agter tentamen abortus provocandi.[1]). Tegelyk met die bloeding uit die vulva, bestaan daar ook moontlikheid van bloeding in die buikholte uit die ostium abdominale tubae. Langsamerhand versamel daar bloed in die cavum Douglasi, en word ewentueel by bimanueel ondersoek die haematocele ontdek. Is die cavum Douglasi reeds afgesluit deur adhaesies (miskien by 'n voorafgegane bloeding), dan ontstaan daar 'n haematocele anteuterina.

Tussen die akute en die meer residiverende vorm van vrugkapselskeur bestaan daar allerlei graduële oorgange. Van die grootste gewig vir prognose en terapie is die feit dat, selfs by die langsaam verlopende vorm, daar altyd die gevaar bestaan vir 'n onverwagte, baiekeer dodelike ruptuur. Sit die ruptuur in die pars ampullaris- of pars isthmica tubae dan kan die bloeduitstorting plaasvind tussen die blaie van die ligamentum latum. In seldsamer gevalle vind daar op hierdie plek ook soms volledige verdere ontwikkeling plaas van die vrug.

Vind daar ruptuur plaas by 'n swangerskap in daardie deel van die tuba wat geleë is in die uterusspier, dan het ons met 'n buitegewoon gevaarlike toestand te doen. Die bloeding is gewoonlik heftig, en glad uit proporsie met die soms maar enkele millimeters lang skeurtjie. 'n Gelyktydig bestaande uterine

---

[1]) V. NEUGEBAUER, l. c.

swangerskap lewer, deur die sterker swangerskapshyperaemie, natuurlik nog groter gevaar op.

By 165 gevalle uit die kasuïstiek is die *setel van die ekstrauterine vrug* bekend:

Regter tuba, 75. } Saam 133. (Waarvan 5 intraligamentêr)
Linker tuba, 58. }
Regter en linker tuba tegelijk, 1.
Ovariaal, 12 { Egte, 1;
{ Tubo-ovariaal en uit ovariaalstreek, 11.
Abdominaal, 10.
Interstisieel, 9.

Die tubêre vorm oorweeg dus duidelik, en die linker tuba is minder vaak swanger as die regter. Of daar buitenste- (tubêr ruptuur) of binneste vrugkapselskeur (tuber abortus) plaasgevind het, word nie altyd ewe noukeurig aangegee nie; en kan ons daarom nie uit die relatiewe verhoudige met noukeurigheid konklusies trek nie.

(c) *By* **5 gevalle, (maar 2 %),** *is die swangerskap van die uterine vrug vroegtydig onderbreek, terwyl die ekstrauterine ongestoor deurgegaan het.* In die geval van v. Rosthorn (50) was daar 'n partus praematurus in die 7e maand, met 'n dooie vrug. Ook „E" is (afgesterf) aan die end van die swangerskap, en 'n week later deur laparotomie verwyder.

Die ander gevalle het begin met abortus van „I". Wetherill (100) het „E" verwyder na ruptuur van die vrugsak en sterke inwendige bloeding. Hy het die moeder behou. Beach (27) het „E" 4 jaar later verwyder. Mascagni (3), en Löw en Lumpe (19), het meegemaak dat, na abortus in die 3e en 5e maand respektiewelik, „E" voldrae geword, en toe afgesterf het. Die vrugte is geretineer. Die pasient van Mascagni was 20 jaar later nog gesond. Opvallend is, dat in hierdie gevalle, al die moeders in lewe gebly het, en geeneen van die vrugte lewendig ter wêreld gekom het nie.

(d) *Die vierde rubriek bestaan uit* **50 gevalle (22 %).**

Ook hierdie verloop was gunstig wat betref die lot van die moeder. Al die moeders het die lewe behou, behalwe één. 48 keer is, na verwydering of afsterwe van „E", spontane geboorte gevolg van lewendige voldrae kinders. Eén keer — Richat en Marghal (167). — selfs 'n tweeling! Van die overige 3 gevalle het: Staneszewski (144), uterus ruptuur beleef deurdat in gelyktydig bestaande lithopaedion die weg versper het; Rumford (182) moes laparotomie doen na die kindsbeweginge opgehou het, en Stropeni (231) moes die kranioklast gebruik, daar „I" tot 'n hydrocephalus ontwikkel het.

Verreweg die meeste gevalle het só verloop dat daar eers simptome van ekstrauterine swangerskap ontwikkel het, toe laparotomie gedoen is, die swanger tuba verwyder is, en dan gewoonlik meer of min 'n half jaar later 'n voldrae kind gebore word. So het die geval uit Kaapstad én die uit Groningen verloop. Dit is duidelik dat dit die allergunstigste verloop is nadat die lewe van drie indiwiduë bedreig was deur 'n moontlike vrugkapselskeur. Voorbeelde hiervan is gevalle Nos. 46, 82, 83, 86, 88, 90, 97, 105, 107, 115, 121c, 121d, 141, 147, 150, 157, 164, 167, 174, 177, 186, 187, 190, 192, 193, 196, 203, 219, 221, 223, 224, 228, 221, 230, 231, 232, en 235.

By gevalle No. 62, 106, 140, en 148, het selfs vóór daar nog simptome was van vrugkapselskeur, operatiewe verwydering plaasgevind van „E".

By Nos. 78, 93, 96, 169, en 128, is „E" vroeg al afgesterf, maar eers later operatief verwyder. „E" is in die buikholte geretineer in gevalle 9, en 188. In die geval van Kelsey (44) is die moeder 10 uur na die geboorte van 'n voldrae gemasereerde vrug gesukkombeer, en is „E" later by obduksie ontdek. Die vrou het ernstige bloedverlies gehad by die partus, nadat die placenta al uitgedrywe was. Met die hand in die uterus (!) het Kelsey die twede vrug duidelik gevoel.

DIE LOT VAN DIE MOEDER.

As ons nagaan wat die lot van die verskillende moeders gewees het, vind ons dit vermeld in 212 gevalle. By 51 hiervan, 24 % dus, het die dood ingetree.

By die eerste oogopslag, en veral na die voorafgaande uiteensetting, sal niemand aarsel om aan te neem nie, dat dit 'n buitegewoon gevaarlike toestand is. Maar tog is bogenoemde syfers misleidend. Die kasuïstiek strek oor 'n ruim eeulang tydperk, gedurende die grootste gedeelte waarvan, diagnostiek en operatiewe terapie, op minder goeie voet gestaan het. Laparotomie, vaginale ondersoek van swangere, en manuële verwydering van die placenta, het almal gebeur sonder anti- en aseptiese maatreels. Vanaf die begin van hierdie eeu is daar egter 'n beduidende vooruitgang te bespeur. Soos reeds gesê, is daar omstreeks 1903 besonder baie aandag aan gelyktydig bestaande ekstra- en intrauterine swangerskap gewei. En as ons die gevalle vóór en na 1903 met mekaar vergelyk, dan tref ons veral twee dinge:

1. Vóór 1903 was daar onder 133 gevalle, 43 sterfgevalle: 33%.
   Na 1903*) „ „ „ 79 „ , 8 „ : 10%.
2. Die totaal mortaliteit is onder die verskillende vorme van verloop so ingedeel:

Groep		Aantal gevalle	Mortaliteit	%
a.	(„I" en „E" albei tot terme)	33	12	36,4
b.	(„I" en „E" vroeg onderbreek)	124	38	30,6
c.	(„I" alleen vroeg onderbreek)	6	0	0
d.	(„E" alleen vroeg onderbreek)	49	1	2.

Groep. a. Lewer dus die ongunstigste verloop. Opvallend is, dat van die 33 gevalle (die 12 sterfgevalle ingesluit), 30 voorgekom het vóór 1903. Dit lyk of die ekstrauterine swangerskap

*) *Die bedoeling is hier nie om die verskil aan die meerder bekendheid van die toestand te dank nie. Hierdie jaargetal het vanself opgeval. Baie gevalle in 1903 beskrywe was van lang tevore, en toe eers beskrywe. Die jaar 1903 beteken hier dus „die begin van die 20ste eew."*

selde meer word toegelaat om voldrae te word, en vroegtydig, by of kort na die eerste simptome, geëkstirpeer word.

Groep b. Het óók 'n hoë mortaliteit. Uit die 141 gevalle is daar 124 waarby die lot van die moeder bekend is:

Onder die 67 gevalle vóór 1903 is daar 30 sterfgevalle, 45 %,
Onder „ 57 „ na 1903 „ „ 8 „ 14 %.

Ook hier is mettertyd 'n gunstiger verloop te bespeur.

Groep c. Met één uitsondering (No. 182) is al 6 die gevalle van hierdie groep, van vóór 1903. Hier geld waarskynlik dieselfde moontlikheid as by Groep a. „E" word naamlik vroeg al geëkstirpeer, en dan verskuif die geval na Groep b.

Groep d. Van die 49 ekstrauterine vrugte, is daar 48 deur laparotomie verwyder; met één enkel sterfgeval, wat ook eintlik onafhanklik was van die ingreep. Van hierdie groep is maar 18 vóór 1903; die meerderheid (31) is van die meer moderne tyd.

DIE LOT VAN DIE TWEE VRUGTE.

Om herhalinge te voorkom, word hier alleen enkele besonderhede genoem. Op p. 132 is daar 'n duidelike oorsig oor die lotgevalle van albei die vrugte.

Die intrauterine vrug.

Opvallend is die groot aantal miskrame; 117 keer. 5 Keer het daar „spontane" vroeggeboorte voorgekom, en één keer is dit profilakties opgewek. 'n Groot deel van die miskrame (47) is, meer of min, direkte gevolg van operatiewe ingrepe bemoei met die verwydering van „E". By 33 ander geld seker merendeels dieselfde oorsaak, maar is dit nie met sekerheid bekend nie. „I" is 9 keer saam met die uterus weggeneem, gewoonlik met die doel om bloedinge te voorkom. Bij 13 gevalle is die uterine vrug eers bij ubduksie ontdek. By 3 gevalle is alleen aangegee dat, na laparotomie en verwydering van „E", die uterine swangerskap nog ongestoor verder ontwikkel het.

Daar het 74 verlossinge spontaan plaasgevind, met voldrae

kinders. *70 Kinders is lewendig ter wêreld gekom.* Hiervan is 45 uit groep d.! Eén keer is „I" spontaan dood gebore, en 5 keer by verloskundige operasies. Van 8 voldrae kinders is die lot onbekend.

Die ekstrauterine vrug.

In die oorsig val dadelik 'n besonder groot getal op onder die rubriek van ekstrauterine swangerskap vroegtydig operatief verwyder, en dit veral na simptome van inwendige of uitwendige vrugkapselskeur. Hieronder val nie minder as 127 nie! 2 Gevalle is nog vóór die teenwoordigheid van hierdie simptome verwyder. In 26 gevalle is „E" eers by obduksie ontdek.

24 Keer is die laparotomie nagenoeg a terme verrig. 6 Vrugte was al reeds vroër afgesterf; 10 was nog maar net afgesterf; die orige *8 gevalle is die enigste ekstrauterine vrugte wat lewendig ter wêreld gekom het.*

In 4 gevalle is behalwe die moeder, ook albei die vrugte (voldrae) in lewe gebly: Nos. 70, 116, 160, en 213.

DIE LOT VAN DIE UTERINE SWANGERSKAP.

A. ABORTUS (117 gevalle),

1. Te wyt aan die teenwoordigheid van „E":

a. . . . deur vrugkapselskeur: Nos. 1, 2, 4, 14, 49, 55, 68, 81, 89, 98, 112, 122, 132, 134, 136, 129, 201. 202, 208, 209, 216;

b. . . . na operasie by simptome van vrugkapselskeur: 12, 40, 56, 60, 64, 71, 69, 72, 75, 76, 84, 91, 94, 95, 101, 104, 109, 110, 118, 119, 121a, 123, 124a, 135, 126, 138, 137, 151, 156, 158, 161, 162, 165, 171, 178, 183, 184, 204, 205, 198, 212, 214, 215, 217, 218, 236, 229;

c. . . . ruimtebeperking deur groei van „E": 51;

d. . . . abortus arte provocatus: 173;

e. . . . „E" ageer as corpus alienum: 32, 34, 79;

f. . . . gevolg van bloedstelpende maatreels: 206;

g. . . . curettage in aansluiting aan laparotomie: 210;

2. Onafhankelik van „E":

a. . . . na diagnostiese intrauterine manipulasies: 99, 127, 130, 159;

b. . . . tentamen abortus provocandi: 58, 63;

c. . . . na trauma: 139;

3. Sonder duidelike oorsaak:
3, 5, 16, 19, 27, 29, 39, 45, 57, 67, 61, 85, 74, 92, 100, 102, 114, 120, 121, 124, 142, 145, 146, 149, 154, 181, 195, 197, 199, 200, 207. 220, 233, 226, 182.

B. UTERUS EKSTIRPASIE:
65, 111, 143, 163, 175, 185, 189, 191, 227.

C. PARTUS PRAEMATURUS:

a. . . . spontaan: 35, 41, 42, 50. 153;

b. . . . partus arte praematurus: 43.

D. VERLOSSING A TERME (84 gevalle),

a. spontaan: 6, 8, 9, 10, 11, 13, 15, 18, 24, 21, 28, 31, 33, 37, 38, 44, 46, 48, 54, 53, 62, 70, 73, 77, 78, 82. 86, 83, 88, 93, 96, 97, 105, 106, 107. 108, 115, 116, 121d, 121c, 140, 128, 141, 147, 148, 150, 152, 157, 160, 164, 167, 168, 169, 174, 176, 177, 186, 187, 188, 196, 190, 192, 193, 203, 213, 219, 222, 221, 223, 224, 228, 221a, 225, 232, 230, 235;

b. operatief: 22 (V & E), 26 (S.C,), 30 (Fo), 36 (Fo), 47 (kraniotomie), 59 (Porro S.C.), 90 (Fo), 231 (kranioklasie by hydrocephalus).

E. BY OBDUKSIE ONTDEK:
7, 17, 20, 23, 25, 52, 66, 87, 113, 131, 133, 155, 179.

F. RUPTUUR VAN DIE UTERUS:
144.

G. SWANGERSKAP NA DIE INGREEP ONAFGEBREEK, DUUR ONBEKEND:
123a, 172, 180.

H. BY LAPAROTOMIE ONTDEK, VROU GESUKKOMBEER:
121b.

I. ONTYDIGE SECTIO CAESAREA, IN AANSLUITINC AAN EKSTIRPASIE VAN „E":
194.

J. LOT VAN „I" ONBEKEND:
80, 124, 166, 170.

DIE LOT VAN DIE EKTOPIESE SWANGERSKAP.

A. SPONTANE UITSTOTING uit die moederlike organisme, via:

1. Intestina (per rectum, na perforasie in die derm):
   6, 13, 21, 32, 34, 168;
2. Buikwand: 33, 81;
3. Uterus: 35, 121, 49;
4. Vagina (lacquear posterior): 30, 181.

B. RETENSIE MET GEDEELTELIKE RESORPSIE:

1. spontaan: 10, 18, 48, 188;
2. na ontlediging van die haematocele; alleen kliniese diagnose; kyk op pag.

C. RETENSIE, sonder nader gegewens omtrent resorpsie:
   3, 9, 19, 24, 36, 41, 77.

D. OPERATIEWE VERWYDERING:

1. Vroegtydig:

   a. . . . vóór simptome van vrugkapselskeur:
   62, 106, 140, 146, 148, 149, 154, 185, 189, 194, 218;

   b. . . . na vrugkapselskeur (127 gevalle):

   12, 39, 40, 42, 46, 55, 56, 58, 60, 63, 64. 65, 66, 68, 69, 74, 75, 76, 82, 83, 91, 92, 94, 95, 98, 102, 104, 109, 110, 111, 112, 113, 114, 115, 118, 119, 120, 121a, 121b, 121c, 121d, 122, 123, 123a, 124, 124a, 126, 127, 129, 130, 132, 134, 135, 136, 137, 138, 139, 141, 142, 143, 145, 147. 150, 151, 153, 155, 156, 157, 158, 159, 161, 162, 162, 164, 165, 167, 170, 171, 172, 173, 174, 175, 177, 178, 179, 180, 183, 184, 187, 190, 192, 193, 195, 196, 197, 198, 199, 200, 201, 202, 203, 204, 205, 206, 207, 208. 209, 210, 212, 216, 217, 219, 221, 222, 223, 224, 226, 227, 228, 229, 230, 231, 232, 233, 234, 235, 236;

   c. . . . vroeg afgesterf, later verwyder:
   61, 71, 72, 84, 86, 88, 90, 93, 96, 97, 99, 101, 105, 107, 166, 169;

2. Nagenoeg a terme:

   a . . . vroeg afgesterf: 45, 78, 117. 128, 144, 152;

   b. . . . a terme afgesterf: 15, 50. 53, 54, 59, 73, 79, 89, 100. 182;

   c. . . . lewendig: 26, 37, 70, 108, 116, 160, 213, 214;

3. Na die swangerskapstermyn om is: 27, 176.

E. BY OBDUKSIE GEVIND:
   1, 2, 4, 5, 7, 14, 17, 20, 22, 23, 25, 28, 29, 38, 43, 44, 52, 55, 57, 67, 85, 87, 131, 133, 181.

F. IN DIE BUIKHOLTE GELAAT, GEEN OBDUKSIE NIE:
   31, 47.

DIAGNOSE.

Dat 'n vroegstadium van ongekompliseerde ekstrauterine grawiditeit vaak groot diagnostiese moeilikhede oplewer, is bekend. In die rustige stadium bestaan moeilikhede wanneer daar by 'n ondersoek die teenwoordigheid gekonstateer word van 'n tumor in die adnexa, en veral een wat vóór die tijd ontbreek het. Word dit waargeneem dat die tumor steeds groter word, dat die menses uitbly, en daar duidelik die bekende ander swangerskapssimptome optree, dan is die diagnose moontlik, al vóór die begin van pyn of bloeding. Maar die palpasie van die relatief week tumor is soms moeilik, en dit kan die gevoel ontgaan. Kry die vrou dan, na een of meer periodes van amenorrhoe, pyn in die buik en begin sy vloei, dan word daar gewoonlik ook 'n vergrote uterus gevoel. Raak die vrou onder die bloeding 'n weefselmassa kwyt, dan word die hele geskiedenis baiekeer vir 'n abortus gehou.

Hierdie vergissing is onder alle omstandighede te vermei (deur die uitgestote membraan te ondersoek), want wanneer by die diagnose abortus incompletus — die bloedinge hou nie op nie — intrauterine manipulasies (sondéring, digitale ondersoek en poginge tot opruiming, selfs curettage) aangewend word, is daar groot gevaar vir onmiddelike ruptuur van die vrugkapsel. Die verhoudinge werd begryplikerwyse nog meer ingewikkel by die gekompliseerde vorm. So het Grandin (99), Vineberg (127) en Chavannaz (159), deur diagnostiese curettage elk 'n abortus van rspektiewelik 6 weke, 5 weke, en 3 maande opgewek, een daarna natuurlik van hul eerste vermoedelike diagnose (ektopiese swangerskap) afgesien!

Worrall (130) het deur dieselfde curettage tegelyk 'n abortus van 4—5 weke, en in aansluiting 'n tuber ruptuur met noodsaaklike laparotomie beleef. Ook 'n verrassing, daar hy by die curettagevonds die tumor vir 'n ovariaaltumor gaan hou het. Word by die diagnose abortus incipiens of imminens werlik 'n vrug uitgestoot, dan word nog minder aan die kompliserende

ektopiese grawiditeit gedink. Hou die vrou tog nog aan met vloei, kry sy pyn, en word daar 'n tumor gevoel, dan begin die omstandighede gunstiger te word wat betref die moontlikheid om agter die werklike toestand te kom. Meestal is dan die optree van anaemie, en die voel van 'n haematocele voldoende vir die diagnose — *mits aan die moontlikheid gedink word.*

Al die gevalle van groep C (Nos. 3, 19, 27, 50, 100, 182) hoort tot hierdie soort, maar in geeneen is die diagnose gestel nie. In die laaste geval is die afgestorwe vrug byna tot die end van die swangerskap in die uterus agtergebly. Raadpleeg ons die kolom wat die verskillende diagnoses aangee, dan sien ons hoe dikwels die tumor gehou was vir 'n salpingitis, hoewel ontstekinge van die tuba gewoonlik dubbelsydig is. Dubbelsydigheid pleit egter weer nie absoluut teen tubêr swangerskap nie, daar laasgenoemde ook dubbelsydig voorkom (pag. 23).

Uit die hele kasuïstiek is die dagnose van die toestand slegs in 16 gevalle gestel.

Müller (75) het in die 5e maand 'n swanger uterus en, afsonderlik, regs daarvan 'n kinderkop-groot tumor gevoel.

Hirst (86) sou óók die diagnose gestel het, maar besonderhede ontbreek.

Treub (88) het, vollens v. d. Velde, in die 10e week die diagnose gestel, en laparotomie gedoen.

Marshall (111), by simptome van inwendige bloeding, in die 4e maand, het naas die vergrote uterus, links, gevoel „a large fist-sized, partly cystic, partly boggy fixed tumor, very tender to the touch, which lay deep in the pelvis, the lower rounded border being about the level of the cervix, the upper border reaching above the pelvic brim."

Wiener (123), vind by simptome van ruptuur, 'n duidelik vergrote uterus. By diagnose was bevestig toe hy by die laparotomie 'n opvallend blou uitsiende uterus ontdek, en daar 12 dae later 'n abortus opvolg.

Gobiet (135) het 'n soortgelyke ondervinding gehad, maar daarby ook nog 'n duidelike haematocele retrouterina gevoel.

Mirabeau (125). 'n 35-Jarige VI-para kry, na die menses één keer uitgebly het, onreelmatige bloedinge. Naas die vergrote uterus voel hy 'n tuba wat ongeveer duimdik is. Na enkele weke bedrus het die tubêr tumor gegroei tot 'n vingerbreed bo die fundus uteri.

Whitbeck (148) het die verdikte tuba in die 8e week al gevoel.

Hoe Bodeé (155) en Ehrendorfer (171) aan die diagnose gekom het word nie nader aangedui nie.

Jangustyn (178) het waargeneem, by 'n vrou met bloedinge na 6 weke amenorrhoe, dat die uterus opsy gedruk was deur 'n linkssydige tumor. 3 Weke later kry die pasient heftige pyn en word erg anaemies. Toe word gekonstateer dat tumor en uterus albei aansienlik groter gewerd het in die tussentyd.

Wiener (154). 3 Weke na die vermoede „laaste menstruasie" kry die vrou plotseling 'n heftige anaemie sonder uitwendige bloeding. By ondersoek blyk dat die uterus kolfvormig vergroot is. Laparotomie bewys die bestaan van ruptuur van 'n 4 weke swanger tuba.

Nebesky (194). In die 6e week na die L. M., kry 'n 34-jarige 4e para, onder haar werk, plotseling weëagtige pyn, en word mislik. Na bed. Vyf sulke aanvalle werd herhaal, die laaste keer (5 weke na die eerste) veral hewig, en gepaar met vomitus. Na die tyd het sy nog altyd pyn in die kruis en in die onderbuik behou, maar het nooit gevloei nie. By opname in die 6e maand, het sy 'n duidelik gekontraheerde uterus wat 3 vingers bo die nawel reik. Die mammae bevat kolostrum, en fetale harttone is duidelik hoorbaar. In die cavum Douglasi is 'n weinig beweeglike, nie-pynlike, resistente tumor, van verskillende konsistensie (week, elasties, en beenhard). Per rectum werd 'n ekstremiteit van 'n vrug gevoel. Ehrendorfer en Wiener hou as gewigtig vir die diagnose, die ontbreek van uterine bloeding, by konstante gedurige bloeding in die buikholte.

Gmeiner (196), kry 'n 30-jarige vrou binne, in die 4e maand van haar 4e swangerskap, met die diagnose; retrouterine abses, of retroflexio uteri gravidi. 14 Dae na die L. M. sou sy 'n

ligte bloeding gehad het; na die tyd nie weer nie tot voor 'n maand. Toe kry sy heftige pyn links in die onderbuik, en word mislik. Bij opname het sy pyn net soos weë, en is taamlik erg anaemies. Die buik is uitgesit. By ondersoek is daar 'n week, fluktuërende tumor regs te voel, met wisselende konsistensie, en oorgaande op die portio vaginalis. Links 'n harde onreelmatig aanvoelende tumor in die cavum Douglasi, wat die lacquear posterior laat promineer. Diagnose: haematocele retrouterina waarbij die linker tumor (tuba) hoort, en 'n gelyktydige uterine swangerskap van 3 maande, daar geen bloeding na buite (behalwe in die eerste 14 dae) en geen afgang van decidua plaasgevind het nie.

Gibson (218). 'n 10e-para het 4 weke na 'n abortus van 6 maande die laaste menstruasie gehad. 8 Weke later kry sy pyn, regs onder in die buik en in die kruis. Sy vloei nie. Ondersoek lewer op; 'n vergrote week uterus, in sterk antefleksie. Regs hiervan 'n pynlike beweeglike tumor so groot soos 'n hoendereier. Daar sy by opname in die kliniek nog gedurig aanvalle van pyn kry, word die diagnose gestel, en geopereer.

Heyman (222) het die diagnose aan die end van die 2e maand gestel. In die referaat word nader besonderhede omtrent die diagnose nie genoem nie.

Die gevalle waarby die toestand vermoed is, is óók interessant, so ver soos die gegewens strek.

Engström — Christer Nilsson (95), kon by 'n anamnese van buikpyn en vloeïng, in die 8e week die swanger uterus opsy gedruk voel deur 'n linkssydige tumor. Boyd (96), het op dieselfde manier, 3 maande na L. M., 'n tumor gevoel, uitgaande van die linker adnexa. en 'n uterus wat die sonde 11 cM. toelaat. Sy het na die laparotomie opium toegedien om so vermoontlik 'n abortus teë te gaan. Wulffius het in die 3e maand, bij ondersoek met die oog op abortus arte provocatus, gevind 'n tubêr swangerskap, en 'n uterus wat verdag aanvoel. Laparotomie bevestig sy vermoedens. Die geval van Redlich (161) is interessant genoeg om heeltemaal aan te haal. 3 Maande na. L. M.

kry die 2e-para plotseling blaastenesme, pyn links in die buik, en val flou. By ondersoek; uterus soos van 'n swangerskap van 6 weke. Regs puil daar iets uit in die vagina; drukpynlik. Anaemie, pols 100, eisblaas, morphine, ekstrauterine swangerskap vermoed. Na 4 dae begin pasient te vloei, en raak sy weefselstukke kwyt. 10 dae na die eerste pyn, is die uterus in anteflexie, daar is regs 'n tumor te voel, en vermeerderde spanning in die cavum Douglasi. In die uitgestote weefsel, mikroskopies, chorion vlokke. Hier was dus óók 'n uterine swangerskap, of 'n interstisiële. Teen laasgenoemde pleit die normale vorm van die uterus. Byna 'n maand na die eerste simptome, begin die vrou opnuut vloei. Die vollende dag kry sy 'n matige kollaps, en nog twee dae later twee keer syncope. Profs. PHAENOMENOW en v. REIN word in konsult gehaal, en doen saam met REDLICH, snags om half-twaalf, by die vrou tuis, laparotomie! Daar kom 'n pond bloed uit die buik, die uterus is nie vergroot nie. In die regter tuba sit 'n hoendereier groot tumor, en die bloeding is uit 'n klein ruptuurtjie in die agterkant van die tuba. Regter adnexa verwyder. Toilette, buik gesluit. Die genesing is gekompliseer deur 'n verbygaande pyelitis dextra. In die tubêr tumor geen vrug nie, maar mikroskopies chorionvlokke. Die vrou is herstel!

Die ekstrauterine tumor deur KERR (164) gevoel, het by laparotomie geblyk 'n egte ovariaalswangerskap te wees. Die vergroting van die uterus het ongestoor deurgegaan totdat 7 maande later 'n voldrae kind gebore is.

MARS (180) het naas die vergrote uterus, 'n sagte pulserende tumor gevoel, by 'n vrou wat 2 maande na L. M. pyn gekry het en gedurig teeragtige uitvloed gehad het vir 14 dae. Bij laparotomie was daar 'n peritubêr haematoom. Die intrauterine swangerskap is nie onderbreek nie.

KOUWER (223) het die diagnose verwerp omdat dit te „brutaal" geklink het.

Differensieel-diagnosties kom daar 'n hele reeks van aandoe-

ninge ter sprake. Temperatuursverhoging lei vaak tot die diagnose appendicitis wanneer die pyn akuut optree in die regter onderbuik, en selfs telkens herhaal word met vomitus en défense musculaire. Hierdie diagnose is aanvanklik gestel bij Nos. 142, 159, 198, 208 en 231. As die laparotomie uitgevoer werd en die chirurg die toestand herken, is die vergissing hoegenaamd nie ongunstig nie. Ileus is gediagnostiseer in gevalle 201 en 231. In die eerste geval het die heftige kolieke, mislikheid, die dik gespanne buik, en die swaar siek indruk van die pasient, hiertoe aanleiding gegee. By die ander pasient het egte ileus ontstaan. Perforasie van 'n maagsweer is aangeneem, om lig te begrype redes, in gevalle 202 en 230. Ander diagnoses is: getordeerde ovariaalcyste (42 en 216), bekken-sarkoom (59), parametraan eksudaat (79), myoom (143), en in 8 gevalle, retrofleksie van die swanger uterus; No. 50, 65, 105, 136, 149, 196, 210 en 118. Laasgenoemde vergissing is begryplikerwyse besonder maklik.

Dit lê voor die hand dat, vir die differensieel-diagnose tussen ekstrauterine swangerskap met akute of subakute bloeding, en die sopas genoemde ekstragenitale buikaandoeninge, besonder noukeurig moet gelet word op bloedinge uit die genitalië, en op die verhoudinge van die menstruasie. Bloeding uit die genitalië kan wees uitwendig, of na die kant van die buikholte (haematocele); of selfs in albei rigtinge. Van besonder belang is die afwesigheid van die menstruaalbloeding, m. a. w. die aanwysing dat swangerskap al of nie bestaan nie. Prof. NIJHOFF [1]) lê nadruk daarop, dat daar altyd rekening mee moet gehou werd, dat ekstrauterine swangerskap wel degelik kan bestaan, nie-teënstaande die feit dat die menses minder as 'n „maand" tevore vir die laaste keer opgetree het.

Die bloeding na die kant van die buikholte veroorsaak gewoonlik 'n haematocele, maar 'n klinies gediagnostiseerde haematocele naas die uterus, tegelyk met 'n uitgesproke anaemie, is nie voldoende bewysend vir ruptuur van ekstrauterine swangerskap nie.

[1]) NIJHOFF, Ned. Tijdschr. v. Gen. 1915 IIA, p. 1472.

As vernaamste uitsonderinge geld, in die eerste plaas, soos aangetoon deur DE SNOO[1]), gebarste ovariale haematome (met tot nog toe onduidelike oorsprong). Verder kom voor, o.a. bloedinge uit gebarste Graafse follikels[2]), en uit uterus tumore veral myome[3]). Ook bloedinge uit 'n subsereuse varix aan die uterus is beskrywe[4]), en WESENBERG[5]) noem 10 gevalle (waarvan 8 dodelik) van verbloeding, gedurende die swangerskap, uit die milt. Word daar naas bestaande amenorrhee, en in- of uitwendige bloeding, óók nog 'n verdikte tuba gevoel, dan word die diagnose baie waarskynlik. Op pagina 102 is daar 'n lys van dergelike gevalle van suiwer kliniese diagnoses, sonder kontrole deur operasie of obduksie. Hoewel buitegewoon waarskynlik, is hierdie gevalle tog nie in die kasuïstiek opgeneem nie. 'n Voorbeeld is die vollende geval van LWOFF[6]).

'n 25-jarige 3e para het 2 maande laas gemenstrueer. 3 Dae na 'n val op straat, kry sy plotseling heftige pyn en anaemie. Sy bloei uit die uterus, en raak 'n membraneuse massa kwyt Na 5 dae bedrus, verbeter die toestand, maar plotseling kry die vrou 'n nuwe aanval, nog erger as die eerste. Sy val flou, kry 'n kollaps met erge anemie, sonder om egter uit die uitwendige genitalië te bloei. Die uterus voel aan of dit 3 maande swanger is, en word na vore gedruk deur 'n fluktuerende tumor in die cavum Douglasi. 'n Tumor links van die uterus word vir die swanger tuba gehou. Die toestand werd onder 'n afwagtende houding beter, en die ekstrauterine tumor verdwyn op die duur. Maar die uterus hou tog aan met groei. Punksie van die tumor in die cavum Douglasi lewer swart bloed op. Die uterine swangerskap het die voldrae toestand bereik.

1) DE SNOO, 72ste Algem. Verg., Ned. Maatsch. t. b. d. Gen. Juli 1921. WOLFF, Monatschr. f. Geb. u. Gyn. 1912 XXXV p. 189.
2) REINHARD, Gynäkol. Rundschau, 1913 VII, p. 201.
3) V. JASCHKE, Zentblt. f. Gyn. 1910 p. 625.
4) LANGES, Zentblt. f. Gyn. 1913 p. 507.
5) WESENBERG, Zentblt. f. Gyn. 1912 p. 463.
6) LWOFF, L. c.

Die geval van KÜSTNER [1]) is volkome paralel hiermee. In die een van PREISS [2]), het spontaan ontlediging van die haematocele plaasgevind, en 2 dae later is daar uit die uterus 'n volledige vrug van 2 maande uitgestoot. Die vraag is hier egter, of die haematocele nie van 'n vroër tubêr abortus kon gestam het nie.

Profuse bloeding in die vrye buikholte kan, in 'n betreklik klein aantal gevalle, 'n besonder tiepiese simptoom vertoon. Saam met die pyn in die buik kry die vrou ook tegelyk pyn in die skouers [3]). Teenswoordig word dit verklaar as'n prikkeling van die diaphragma deur bloed, of deur rekking van die ligamentum suspensorium hepatis, te wyte aan kanteling van die lewer. Laasgenoemde gebeur naamlik by die nuwe metode van RUBIN [4]) om die deurganklikheid van die tubae na te gaan met deurblaas van gas. RUBIN hou die skouerpyn, naas ander gegewens, vir 'n waardevol simptoom om tubêr bloedinge te onderskei van steeldraai van ovariaal tumore, of akute ontstekinge in die klein bekken.

Eindelik moet nog gewys werd op wat miskien die moeilikste punt uitmaak vir die diagnose. Sit „E" in die pars ampullaris of -isthmica van die tuba, of in die ovarium, of „abdominaal", dan kan 'n mens 'n afsonderlike tumor palpeer. Maar, ons het al gesien dat in 9 gevalle, die ektopiese vrug interstisieel, d.w.s., in die uteruswand, gesit het. In die begin van die swangerskap, dus, het ons al 'n asimmetrie van die uterus.

Ervare ondersoekers gebruik die verskil in grootte en konsistensie van die twee uterushorings, om, die bestaan van swangerskap, selfs in die 8e week al, aan te toon [5]). Maar ook by interstiseele swangerskap bestaan hierdie verskil [6]). 'n Asim-

---

1) KÜSTNER, Menatschr. f. Geb. u. Gyn. 1912 p. 118.
2) PPREIS „ „ „ 1912 p. 116.
3) KOUWER, Ned. Tijdschr. v. Verleek. en Gyn. 1917 XXVI P. 310.
4) RUBIN, Journal of the Amer. Med. Assoc. April 1928 p. 1050.
5) v. BRAUN-FERNWALD, Archiv f. Gyn. 1902 LXVI p. 708.
6) Simptoom van RUGE-SIMON; Ref. DANIEL, Surgery, Gynec. and Obstetrics, 1922, I. p. 15.

metriese uterus kan dus gehou word òf vir swanger (in die cavum uteri, òf interstisieel) òf vir myomateus: en die gedagte aan 'n gelyktydige uterine en interstisieel swangerskap lyk my alleen by uitsondering moontlik, wanneer die ondersoeker in die eerste plaas daaraan dink, en oor 'n uitgestrekte ervaring beskik. By die voel van 'n vergrote uterus, tegelyk met 'n tumor van die adnexa, sal, uit die aard van die saak, beie eerder aan die bestaan van swangerskap gedenk werd, as by 'n tumor alleen.

Maar wanneer daar onsekerheid bestaan, sou ons graag die toevlug wil soek by een van die nuwere laboratorium reaksies van die bloedserum.

In aanmerking hiervoor kom o. a., die bekende swangerskaps reaksie van ABDERHALDEN. Dit lewer ongelukkig onbetroubare resultate, en is moeilik om uit te voer. Die reaksies van FAHRAEUS, FRANK en NOTHMANN, en HAEFF, is geeneen op sigself absoluut seker nie. So meen REMMELTS[1]) dat, in die toekoms, 'n kombinasie van hierdie reaksies, in bepaalde gevalle, van waarde kan wees.

PROGNOSE EN TERAPIE.

„Im algemeinen ist die Prognose jeder Tubengravidität immer ernst zu stellen, die Frau steht mit einem Fusse im Grabe, droht doch immer die Gefahr der inneren Verblutung"[2]).

Die verbloedingsgevaar dreig altyd, nie alleen by die uitwendige vrugkapselskeur (tubêr ruptuur) nie, maar ook by die meer slepende, residiverende vorm — die binneste vrugkapselskeur. Die statistiek[2]) lewer één geval van die doodsgevaarlike vorm teen 8—10 van die meer langsaam verlopende.

Maar hoewel die binneste vrugkapselskeur minder die lewe van die vrou bedreig, veroorsaak dit tog gewoonlik 'n langdurige swaar lye, waarvan die spontane genesing eers na maande intree. En ondertussen, kan nog altyd die gevreesde akute verbloeding onverwags opvolg.

[1]) REMMELTS, Dissertasie, Amsterdam, 1923.
[2]) DÖDERLEIN, in KUSTNER, Lehrbuch d. Gynäk. 1919 p. 351.

Geen wonder dus nie, dat STOECKEL [1]) sê: „Die richtige Behandlung jeder Extrauteringravidität in jeder Stadium ihrer Entwicklung ist ihre Entfernung durch Laparotomie."

By die gelyktydig bestaande ekstra- en intrauterine swangerskap, het ons 'n toestand, waar die vrou miskien met méér as een voet in die graf staan! Hoewel die ekstrauterine vrug op sigself al groot gevaar oplewer, help ongetwyfeld die konkurrerende, normaal gesetelde swangerskap, deur die versterkte bloedsomloop, om die bloeding baie ernstiger te maak.

In die eerste plaas moet ons vir die moeder sôre.

As 'n mens die mortaliteit van die moeders uit hierdie kasuïstiek nog 'n keer nagaan, dan sien ons op nuut hoe gevaarlik die toestand is. Maar tegelyk kry ons 'n duidelike aanwysing omtrent die mees wenslike vorm van terapie.

Om die moderne behandeling te onderskei van die ouderwetse, is die tabel op die vollende pag. só opgetrek, dat die gewone syfers aangee die getalle van vóór die 20-ste eeu, en die dikker syfers die van die laaste tyd.

Die tabel is 'n **oorsig oor 169 gevalle waarby tegelyk bekend is, die lot van die moeder, én die toegepaste terapie**.[2]).

Twee groepe word van mekaar onderskei;

1°. waarby die behandeling aanvanklik *afwagtend* [3]) was, en

2°. die gevalle waarby, gewoonlik by simptome van vrugkapselskeur, *aktief* ingegryp is.

---

[1]) STOECKEL, Lehrbuch d. Geburtsh. 1923.

[2]) **Vergelyk s.v.p. met tabel op pag. 116.**

[3]) Onder die rubriek „afwagtende terapie" val ook sommige gevalle waarbij later, aan die end van die swangerskap, geprobeer is om die ekstrauterine vrugsak, met nog lewendige of al reeds afgestorwe vrug, uit die buikholte te verwijder. Die houding was in die begin egter afwagtend, of die pasient het eers aan die end van die swangerskap onder observasie gekom.

TERAPIE.	AANTAL MOEDERS			MOEDERS †	
		I E			
AFWAGTEND 39 = 23 %.	Klas a.	33	30 **3**	12	12 **0**
	Klas c.	6	5 **1**	0	0 **0**
OPERATIEF 130 = .77 %.	Klas b.	81	22 **59**	17	12 **5**
	Klas d.	49	18 **31**	1	1 **0**

VOLDRAE LEWENDIGE KINDERS				% MORTALITEIT VAN MOEDERS.	
UTERINE		EKSTRAUTERINE			
22 (waarvan 8 moeders †) **3**	6	4 (waarvan 3 moeders †) **2**		40 –	40 –
–	0	0 **0**		– –	
–		–		55 **9**	32 **6**
17 **28**		–		5 **0**	

Terwyl die afwagtend behandelde gevalle, waarvan die groot meerderheid van vóór die 20ste eeu is, 'n mortaliteit vertoon van 40 %, blyk dat die operatief behandelde gevalle (grotendeels van die later gedeelte van dieselfde periode), 'n mortaiiteit het van 32 %.

Maar opvallend is' die enorm verskil hiermee vertoon deur die gevalle in die laaste 20 jaar operatief behandel. Hier bestaan 'n mortaliteit van maar 6 %: en by dieselfde moeders is daar 31 % lewendige kinders gebore.

Die afwagtende terapie kan gladnie opweeg teen hierdie gunstige resultaat nie, selfs wanneer ons buite beskouing laat die ongunstige toestand van die pasient in so baie gevalle (anaemie, kollaps) al vóór die haastige ingreep.

Klas c. is te klein om met persentasies te werk.

Van 33 moeders waarby toegelaat is dat die twee swangerskappe langs mekaar voortduur tot die end toe (Klas a), is daar nie minder as 12, 36 % dus, gesukkombeer nie! Van die 66 kinders wat 'n mens teoreties sou mag verwag, is daar maar 25 uterine en 6 ekstrauterine ter wereld gekom.

By Klas d., waarby na die ingreep die intrauterine swangerskap deurgegaan het, het ons die bevredigende verhouding van 49 moeders, één enkele sterfgeval (door 'n ongelukkige bykomstigheid by die geboorte van „I"), en 45 lewendige voldrae kinders.

Waar die uterine swangerskap na die ingreep onderbreek was, het ons by 49 moeders maar 5 sterfgevalle, 9 % dus.

Alles tesaam gereken, het ons by die moderne operatiewe terapie maar 6 % mortaliteit, vergelyk met 32 %, vóór die begin van die 20ste eeu. en **die skrikwekkende sterftesyfer van 40 % by die afwagtende houding.**

Met hierdie voorbeelde voor ons, kan ons nie anders as konkludeer nie, dat ons in die beste belange van moeder en kind handel wanneer die ektopiese vrug, by die eerste simptome van vrugkapselskleur, operatief verwyder word. Is dit moontlik om nog vroer agter die ware toestand te kom, geld nog dieselfde konklusie. Dit spreek vanself dat, bij ernstige

inwendige bloeding in elk geval sal ingegryp word om die bloeding te stelp. FELIX LEJARS sê, „elke chirurg onderbind elke bloedende vat; waarom sal 'n mens dan in die gienekologie daar 'n uitsondering op na hou?" Dit is van die allergrootste belang om in die toekomst in aanmerking te neem dat, by gelyktydig bestaande vergroting van die uterus, by operasie vir ektopiese swangerskap, daar 'n moontlikheid bestaan van 'n ewentueel normaal verlopende uterine swangerskap. Want nie alleen sou ruwe manipulasies aan die swanger uterus aanleiding kan gee tot 'n onnodige verlies van die lewe van die vrug nie, maar in enkele gevalle waarby die vrou al reeds in 'n swaar uitgebloeide toestand verkeer, kan die opvollende bloeding by 'n abortus net genoeg wees om die dood van die vrou self te veroorsaak.

Dit moet die strewe in die toekoms, om al die gevalle van klasse *b.* na klas *d.* (voldrae uterine swangerskap na operatiewe verwydering van „É") te verskuiwe. Die kasuïstiek leer dat, in die laaste jare al, daar 'n sterk neiging in hierdie rigting bestaan.

Die groot vereiste is, dat aan die moontlikheid van bestaan van hierdie anomalie g e d e n k word!

By die operatiewe behandeling geld die algemene reels vir die van ongekompliseerde ekstrauterine swangerskap, met die sopas genoemde uitsondering. Maar by 'n moontlik swanger uterus mag b.v. nooit 'n tumortang soos die van KÜSTNER gebruik word om die uterus mee vas te hou nie.

Dat die uterine vrug egter verbasend „taai" kan wees blyk uit die vollende voorbeelde waarby die swangerskap deur die verskillende manipulasies nie onderbreek is nie: proefcurretage (!) in die 3e maand (62): uterussonde 10 cM. ingebring in die 5e maand (51); bij bloeding in die 6e week, gegee — warm irrigasies, 400 gr. 5 % secale, 4 gr. ergotine, 60 gr. hydrastis, 15 gr. hydrastinin (97); na bloeding uit die uterus in die 3e maand veroorsaak deur ekstirpasie vsn „E" (196): besonder interessant is die geval van LANGE (221). Sy pasient het hy, weens steriliteit behandel met dilatasie van die cervix. Hierop reageer sy met 'n ekstrauterine swangerskap, wat hy in die 3e maand ekstirpeer,

en tegelyk uit die uterus twee myomata verwyder. Die uterus was opvallend groot en week. In dieselfde sitting verrig hy na ventrosuspensie vir retroflexie ook nog 'n appendektomie. Sy vermoedens word versterk deur vergroting van die uterus kort na die ingreep, en 6 maande later beval die vrou van 'n lewendige kind van 3270 gr. — haar eerste na 9 jaar steriliteit.

Dit sou buite die doel wees van hierdie proefskrif om in te gaan op besonderhede van die operatiewe tegniek. Alleen 'n paar belangrike punte dien aangehaal te werd. Hoofsaak is, dat die ektopiese vrug met sy gevaarlike eienskappe, wat groot ooreenkoms het met die van maligne tumorgroei, verwyder word. Gewoonlik sal die regte diagnose nie gestel wees nie, maar dan word die geval by die eerste geleentheid behandel as 'n gewone ektopiese swangerskap. Selfs 'n „expectation armée" is gevaarlik, en by 'n diagnose van gelyktydig bestaande uterine en ekstrauterine swangerskap alleen by hoë uitsondering te regverdig.

Dit spreek vanself dat die moment van operasie sal afhang van 'n toevallige vinding by ondersoek, of van die ontstaan van klagte van die swangere, vroër of later.

Klagte in die begin van die grawiditeit, sal gewoonlik veroorsaak wees deur die ektopiese vrug: verdringingsverskynsele van blaas, rectum, en uterus. of bloedinge ten gevolge van vrugkapselskeur.

Die vrugkapselskeur kan van die binneste, geleidelike, en meer residiverende vorm (tubêr ruptuur) wees, of dit kan die stormagtige akute verskynsele vertoon van die buitenste kapselskeur (tubêr ruptuur).

By eersgenoemde kan kalmer en tydsamer geopereer word. By die gevreesde akute vorm egter, is dit dringend noodsaaklik om die bloeding te stelp. By die binneste kapselskeur veral, is daar enkele wat pleit vir kolpotomie (Dührssen, Strassmann en Abel), maar die groot meerderheid, waaronder Werth, Zweifel. Olshausen, Fritsch, Bumm en Döderlein, verkies die laparotomie. Die weg deur die buikwand is skoner, meer oorsigtelik, en gee meer sekerheid.

Maar veral in die diagnosties moeilike gevalle waarby nog geen uitbly van die menstruasie plaasgevind het nie, en die eerste signaal van swangerskap ontbreek, is vollens DÖDERLEIN [1]) die kolpotomie van waarde, want hier gebeur dit tegelyk uit 'n diagnosties oogpunt. By 'n vars bloeding is daar nog geen vaste weerstand soos die van 'n ouer haematocele nie.

Lewer die kalpotomie dan vars bloed, en word by aftas van die adnexa 'n verdikte tuba gevind, dan kan by dieselfde operatie die swanger tuba verwyder word.

By akute bloedinge mag geen tyd verloor gaan nie. Shock toestand is geen kontraindikasie nie [2]).

By die oopmaak van die buikwand kom daar 'n bloedsee tevoorskyn, waarin die derms drywe. Met die hand word die stolsels gou-gou uitgegooi, en die uterus aangepak en boontoe getrek, sodat die adnexa, gewoonlik op gevoel, kan ondersoek word. Die bloedende tuba wordt aan die kant van die uterus, en aan die kant van die ovarium (die gevaarlike kant) afgeklem totdat gemerk word dat die bloeding staan. Die bron van die bloeding is afgesluit.

Nou moet na verbetering van die hartsfunksie, en verhoging van die bloeddruk gestreef word. Hiervoor kom in aanmerking die toediening van koffeine, kamfer, en infusie met soutsolusie of die pasient se eie bloed uit die buikholte. TRENDELENBURG se houding werk gunstig teen hersenanaemie. Die vloeibaar en gestolde bloed moet verwyder word sover moontlik, maar sonder al te groot tydverspil. Daarna word die buik weer toegemaak.

In vroër jare, is by enkelvoudige tubêr swangerskap die gesonde tuba terselfder tyd weggeneem, om te voorkom dat die óók 'n dergelike ongeluk sou oorkom. Maar in die laaste tyd word die twede tuba, as die gesond is, agtergelaat. Uit die kliniek van STOECKEL is in die tydperk 1910—1921 uit 'n totaal van 423 geöpereerde pasiente, later in 5,1 % ekstrauterine

[1]) DÖDERLEIN, in DÖDERLEIN-KRÖNIG, Operative Gynäkologie. 4 Aufl. p. 472.

[2]) 'n Uitsondering hierop is die prinsiepe van KHOÓR; Monatschr. f. Geb. u. Gyn. 1922. LVIII p. 154.

swangerskap herhaal, en in 22 % het intrauterine swangerskap weer opgetree. DIETRICH vind by 4,526 gevalle uit die litteratuur, in 4,7 % herhaalde ekstrauterine, en in 28,6 % opvollende intrauterine swangerskap. Eén derde van geöpereerde vrou word dus later weer swanger; en teen 1–2 ekstrauterine word daar 5–11 uterien swanger.

Verwydering van die bloed uit die buikholte wordt teenswoordig algemeen aangewend, daar die peritoneum in ernstige gevalle gladnie of bitter weinig resorbeer, en die stollingsproses 'n groot deel van die bloed so te sê onbruikbaar maak. Die massa bloed in die peritoneaalholte is ook grotendeels aanspraaklik vir die draad-dun pols, wat vaak meer deur shock verklaar word as deur anaemie, want die ondervinding is, dat onmiddelik na die operasie, na die bloedmassa verwyder is, die toestand oombliklik beter word. (DÖDERLEIN, l. c.) Alle agtergelate bloed en stolsels moet anders stadig en tydsaam deur plastiese peritonitis verwyder word, en word na maande nog, veral in die linker hypochondrium als groot tumore in die buik gevoel (STOECKEL).

Die uit die buikholte verwyderde bloed is eerste deur THIES[1]) gebruik om intraveneuse transfusie, of liewer reïnfusie, te doen. En met sukses. LICHTENSTEIN[2]), SCHWEITZER, en andere het in die laaste tyd ook baie gunstige resultate hieroor gepubliseer. Vollens SCHWEITZER[3]) sou reïnfusie van eie bloed selfs taamlik maklik wees, en sonder infeksiegevaar. Van 21 pasiente het hy één verloor, wat cyanoties en dyspnoëies geword en later haemoglobinurie gekry het. Ook STOECKEL[4]) wend die metode met sukses aan.

In sy leerboek beskrywe hy die tegniek só; Daar word sover moontlik alleen vloeibaar, nie-gestolde bloed, deur 'n groot steriel glas tregter gegiet, waaroor 'n dubbelgevoude stuk steriel

[1]) THIES, Zentblt. f. Gyn. 1914 p. 1191.

[2]) LICHTENSTEIN, Münchener Med. Wochenschr. 1915 No. 47. Zentblt. f. Gyn. 1918 p. 814.

[3]) SCHWEITZER, Münchener Med. Wochenschr. 1921 p. 699.

[4]) STOECKEL, Lehrbuch d. Geb. 1923 p. 704.

gaas lê. Die gefiltreerde bloed loop in 'n irrigator met 'n 1/4 liter Ringerse vloeistof, waarby Natrium citraat oplossing gedoen is. Die infusie word gemaak in 'n cubitaalvena, of ook in die vena spermatica (Döderlein). Die totaal hoeveelheid van geïnfundeerde vloeistof is beste sô saamgestel; 200 cM. bloed, 500 cM. Ringerse vloeistof, 2,0 gr. Natr. citric. (Bumm, Nürnberger). Hoewel hierdie uitbreiding op die gebied van die operatiewe gienekologie nog maar van kort duur is, beloof dit om in die toekoms 'n groot invloed in die gunstige rigting uit te oefen op die mortaliteit van operatief behandelde ektopiese swangerskap.

By vorme van ektopiese swangerskap ander as die tubêre, word die toestand natuurlik anders, en sal die operateur moet indiwidualiseer. Die moeilikste vorm is seker die van die interstisiële kombinasie. Hier hang dit baie af van welke stadium bereik is, of die uterus behoue kan bly of nie. By ruptuur van 'n interstisiële vrugkapsel is die bloeding selfs uit die kleinste skeurtjie besonder berug om sy hewigheid.

Bly die ektopiese vrug voortgroei, dan neem die gevaar vir die moeder toe met die maand. 'n Voldrae ektopiese vrug kan ons haas noem 'n „versuimde ektopiese swangerskap", na analogie met die dwarsligging in die obstetrie. Hier is die moeder in die grootste gevaar en dit ter wille van 'n vrug wat in baie gevalle (50 % vollens Werth) wanstaltig en gebreklik is.[1]) Buitegewoon gevaarlik is die toestand by 'n sinkrone uterine swangerskap. Hiervoor spreek die mortaliteit van 40 % uit ons statistiek.

Die seldsaamheid van voldrae ektopiese swangerskap het Beck aangespoor om 'n kollektiewe studie van die onderwerp te maak[2]).

Hiervoor het hy noukeurige siektegeskiedenisse van 262 gevalle bestudeer. Onder 113 geopereerde gevalle tussen die 5e en die

1) Oók Mall, Surgery, Gynec, and Obstetrics, 1915 II p, 296.

2) Beck, „Treatment of Extrauterine Pregnancy after the Fifth Month." ournal of the Amer. Medical Assoc. 1920.

10e maand, vind hy 'n mortaliteit van 21 %. Die gevaar vir die moeder is die geringste in die 6e en 7e maand; daarvandaan neem dit toe in die 8e en 9e, om die toppunt te bereik in die 10e maand. 12 van die 122 pasiente wat die laatste maand bereik het, was sterwende al vóór die operasie.

Beck konkludeer dat die beste tyd om te opereer, vir kind sowel as moeder, in die 38ste week is, en dat op hierdie periode mag gewag word, op voorwaarde dat die geval onder observasie bly.

Die groot moeilikheid is om te besluit wat om met die placenta te doen.

As ons nagaan die gevalle uit klas a. van ons kasuïstiek, dan sien ons hoedat die placenta met die omgewende organe vergroei gesit het, en vaak die oorsaak was van 'n doodelike bloeding, wanneer dit by die ekstirpasie van die vrug in die buikholte agtergelaat was (108 b.v.). In ander gevalle, het poginge om die placenta te verwyder tot onbeheerbare bloeding gelei (37). Die statistiek van Beck wys aan, dat verwydering van die placenta 'n mortaliteit gee van 15 %, vergelyk met een van 37 % in die gevalle waar dit agtergelaat is.

Croft [1]) kom tot dieselfde konklusie, en raai aan om die placenta te verwyder waar dit ook maar enigsins montlik is om die toevoerende vate af te bind. Laasgenoemde is natuurlik by vergroeinge („insersie") met intestina vaak 'n saak van onmoontlikheid, en poginge daartoe lei tot onstelpbare bloeding.

Al die ingewikkelde moeilikhede by die terapie van de voldrae ektopiese swangerskap is volledig beskrywe deur Werth in v. Winckel, Handb. d. Geburtsh. II.2.

By gelyktydig bestaande uterine swangerskap is daar uit die aard van die saak óók nog gevaar vir ruptuur van die vrugsak, en kan „E" die weg van „I" versper (12, 59.)

In die geval van Staniszewski (144) het daar uterus ruptuur voorgekom, maar nie tengevolge van die teenwoordigheid van „E" nie. Daar was nog 'n derde vrug, 'n lithopaedion van voor

[1]) Croft, The Lancet, 1922 II, p. 380.

drie jaar, wat in die klein bekken gesit het, en so die weg versper het vir „I".

Die 35-jarige vrou sou voor 9 jaar haar eerste kind, en voor 3 jaar 'n abortus van 5 maande gehad het. Sy word a terme in die kliniek opgeneem, sonder bepaalde klagte. By ondersoek word gevoel 'n leë uterus met ope ostium, en vlak onder die buikwand 'n waarskynlik afgestorwe voldrae vrug. Met die diagnose ekstrauterine swangerskap word laparotomie gedoen. Kort tevore is daar in die cavum Douglasi die harde dele van 'n vrug gevoel. Temp. 38,2, anaemie, gespanne buik, maar geen kollaps-verskynsele nie. Daar word gevind, 'n pasdooie kind wat 'n ruptuur van die uterus tamponeer deurdat hy in die skeur sit. Die uterus was goed gekontraheer. Agter die uterus lê daar, in die cavum Douglasi, 'n versteende vrug, heeltemaal los in die buik, en sonder nawelstrengreste, van die grootte van 5 maande. Na ekstirpasie van die uterus word „toilette" gemaak, en hierby nog 'n verrassing beleef. In die regter fossa iliaca sit daar aan 'n pseudo-mesenterium, 'n vuisgroot, gladde tumor, aanvanklik vir 'm dermoïd-cyste gehou. Maar vóór die buik gesluit word, kom daar 'n derde tumor voor die dag, links, aan die onderrand van die omentum, en van die grootte van 'n eend-eëier. Die vrou het die operasie deurstaan.

v. Neugebauer het die geval self meegemaak, en konkludeer uit die konsistensie en die lewer-kleur van die vrug en placenta wat daar tevoorskyn gekom het uit die twede, regs gesetelde tumor; dat dit hier te doen was met 'n vrug, isokroon met die uterine vrug, maar in die 5e maand al afgesterf. Die 3e tumor was 'n ou placenta; en daar aan die lithopaedion duidelik reste van omentum te vind was, hou v. Neugebauer dit vir die placenta van die lithopaedion wat los in die buik gelê het, en aanleiding gegee het tot die misterieus, simptoomlose ruptuur van die uterus. Die toestand van die vrou onder die opersasie het ongelukkig 'n noukeurige ondersoek na die toestand van die adnexa belet. Die pasient is herstel.

Tegelyk met die tweelingswangerskap met heterotope lokalisasie

van die vrugte, waarvan een in die 5e maand afgesterf het, was hier nog teenwoordig, 'n superfoetatio impropria.

Vollens LICHTENSTEIN [1]) sou vrywel alleen daardie ektopiese vrugte voldrae word, waarvan die placenta (vollens sy eie nomenklatuur) basiotroop geïnsereer is, en op die manier deelneem aan die bes moontlike bloedversorging. By tubêr swangerskap, b.v., bestaan die beste voorwaardes wanneer die placenta hom in die rigting van die mesosalpinx, dus weg van die tubalumen (centrifugaal), ontwikkel. Vir die tuba is daar teoreties maar één kans uit 8, dat die vrug voldrae leeftyd bereik.

Ingrepe om die ektopiese vrug te verwyder, is onder die gevalle uit ons kasuïstiek, met weinige uitsonderinge, 'k reaksie gewees op simptome van vrugkapselskeur. Dit is moontlik dat 'n klein gedeelte van die geëkstirpeerde vrugte tóg die voldrae grootte kon bereik het.

Die getal van 39, byna één sesde, uit 229 gevalle, is dus opvallend hoog.

Bij die versuimde ektopiese graviditeit geld ongetwyfeld: „Prevention is better than cure."

Ten slotte moet ons nog nagaan of hierdie kausuïstiek geen lig gee nie, op die moeilike vraagstuk van die superfoetatio vera, die bestaan waarvan nog nooit met sekerheid uitgemaak is nie, en waarvan KUSSMAUL meen dat die oplossing die allerwaarskynlikste sal te vind wees in die bestaan van gelyktydige ektopiese en uterine swangerskap. Hier tog sit die vrugte mekaar nie in die pad nie, soos by uterine tweelinge vaak die geval is. En 'n maand na die eerste bevrugting kan spermatozoa seker nog via die uterusholte na die tuba toe. Vir laasgenoemde pleit ook prakties, die vrye bloeding wat by verskillende gevalle, en ook by die een uit Kaapstad, plaasgevind het uit die uterus, omstreeks die moment van ruptuur van die ektopiese vrugkapsel. In ander gevalle weer, b.v., No. 196, het die ekstirpasie van die

---

[1]) LICHTENSTEIN, Zentblt. f. Gyn. 1920 p. 657.

ektopiese vrug in die 3e maand by die operasie 'n vars bloedig uit die uterus veroorsaak.

Maar dit blyk dat baie min gevalle in aanmerking kom, selfs vir die moontlikheid.

Die enigste noukeurig ondersogte geval wat pleit vir die moontlikheid van superfoetatio, is die van v. NEUGEBAUER (131).

By obduksie na akute verbloedingsdoed (buitenste vrugkapselskeur), is in die uterus gevind, 'n vars vruggie van 8—10 weke oud; en in die gebarste tuba 'n vrug (vollens die oordeel van PFANNENSTIEL, wat die preparaat ondersoek het) van 2—3 weke, in vars afgestorwe toestand. Na noukeurige mikroskopies ondersoek, is die ouderdom van „E" geskat op 17 dae.

Bij die demonstraie van die preparaat in Kassel in 1903, het ook AHLFELD gemeen dat die geval sterk vir superfoetatio spreek. Bewysend is dit egter nie. Daar is geen bewys voor nie, dat die vruggie van 17 dae, hoewel vars, niet al vroër afgesterf was nie.

Die ontoereikende lewensvoorwaardes in die tuba, maak dat die kleiner mate van „E" nooit baie bewyskrag het nie. Omgekeer, lyk dit my baie sterker pleitend, wanneer „E", in weerwil van die slegter voeding as die gewoonlik ideaal versorgde uterine vrug, tog groter is as „I". Maar ook hier bestaan besware, en beland ons weer in die onbevredigende gebied van waarskynlikhede. By eerste oogopslag sou die geval van GEYL uit Ginneken (118) hiervoor pleit. By die laparotomie word daar 'n ektopiese vrug van 4 maande verwyder, en 2 dae later volg daar 'n abortus van 3 weke. Maar die ektopiese vrug was al tevore afgesterf, het los in die buikholte gelê, sonder vliesige omhulsels; en die uterine vrug was geruime tyd al afgesterf.

Daar is, na my mening, 'n meer direkte weg om agter te kom of superfoetatio „uberhaupt" moontlik is. Die toestand van ovaria in die eerste twee of drie maande van die swangerskap, moet noukeurig na gegaan word. Die beste geleentheid hiervoor, bied die ektopiese swangerskap aan, met die so dikwels nodige laparotomie. Voordat 'n vars, gebarste Graafse follikel by reeds

bestaande swangerskap ontdek is, ontbreek die gewigtigste bewys vir die moontlikheid van superfoetatio. Die absolute bewys dat ovulasie kan plaasvind na implantasie van 'n ovum, sou lê in die ontdek van 'n vars follikel by reeds bestaande uterine swangerskap; dit is die vraag of die moederlike organisme by 'n ektopiese implantasie reageer met die normale inhibisie van van owulasie. Miskien maak dit dan 'n verskil, by gelyktydige ekstra- en intrauterine swangerskap wat die reaksie betref of „I" hom vóór „E" implanteer, of andersom. Verder is superfoetatio, uit die aard van die saak, makliker (gestel dat 'n twede ovum desponiebel is!) wanneer „E" hom eerste, b.v., in 'n tuba bevestig. Dan bly die uterus en die ander tuba albei vry. Totnogtoe het ek geen geval van gelyktydig bestaande ekstra- en intrauterine swangerskap kon vind nie, wat bewysend is vir die bestaan van superfoetatio vera.

Dit is selfs moontlik dat superfoetatio vera 'n oorsaak is vir die ontstaan van gelyktydige ekstra- en intrauterine grawiditeit.

KONKLUSIE.

Totnogtoe is daar weinig bekend omtrent die wese van gelyktydig bestaande ekstra- en intrauterine swangerskap. 'n Vergelykende versameling is daarom gemaak van 242 gevalle, om 'n oorsig te kry oor die verloop van 'n toestand waarby 'n moederlike totaalmortaliteit voorkom van 24 %, en waarby die diagnose maar in 0,66 % van die gevalle gestel is.

Hierdie abnormale vorm van tweelingswangerskap kom vaker voor as algemeen aangeneem word. Die aantal gevalle jaarliks gepubliseer, neem gestadig toe. In die mees bekende mediese tydskrifte tesaam, is tussen 1900 en 1915, gemiddeld 10 gevalle per jaar beskrywe.

Die gekombineerde vorm maak ongeveer 1 % uit van alle vorme van ektopiese swangerskap.

Die gevalle uit die kasuïstiek is oor die verskillende lande só verdeel; Noord Amerika 62, Duitsland 40, die Engelse Eilande 29, Rusland 24, Frankryk 24, Oostenryk-Hongarye 19, Nederland 5, Italië 4, Denemarke 4, Spanje 4, Australië 2, Sweden 2, Uruguay 2, Belgie 2, Switzerland 2, Servië 1, Argentina 1, Polen 1, Nu Seeland 1, Suidafrika 1.

Wat die leeftyd betref van die moeders, kom die meeste gevalle voor tussen die 27ste en 30 jaar, en dan weer tussen die 33 en 36ste, sonder dat hiervoor 'n besonder aanleiding voor gevind word.

Primiparae is die sterkste verteenwoordig, maar oortref die II—V parae nie baie nie.

Die twee ova kan net so goed soos van één ovarium alleen, ook van albei tegelyk afkomstig wees. Die bewering van Strassmann, dat in hierdie gevalle die ova altyd uit dieselfde ovarium sou kom, is dus nie juis nie.

Migratio externa speel 'n belangrike rol by die tot stand kom van hierdie vorm van heterotope tweelingswangerskap (pag. 113).

Die setel von die ektopiese vrug is in 165 gevalle bekend:

Regter tuba, 75 } Saam 133. (Waarvan 5 intraligamentêr).
Linker tuba, 58 }

Regter en linker tuba tegelyk, 1.

Ovariaal, 12 } Tubo-ovariaal en uit die ovariaalstreek, 11.
Abdominaal, 10 }

Interstisieel, 9.

Die tubêre vorm oorweeg dus. Eén geval is van 'n egte ovariaalswangerskap.

Daar is *vier tiepiese vorme van verloop* (kyk pag. 116):

Klas a. Albei die swangerskappe loop langs mekaar ongestoor deur, tot vir elk die tyd, sowat gelyk, om is; 14 %.

Klas b. Sowel die ekstra- as die intrauterine vrug word, nagenoeg tegelyk, in groei gestoor, en die swangerskap onderbreek; 62 %.

Klas c. Die intrauterine word onderbreek, maar die ekstrauterine gaan ongestoor deur tot die volle swangerskapstermyn om is; 2 %.

Klas d. Die uterine vrug word voldrae, maar die ekstrauterine sterf al vroegtydig af; 22 %.

Die toestand is vir die moeder prognosties infaust, tensy ingegryp word. Nieteenstaande die ingegreep is, is daar;

onder 75 gevalle vóór die begin van die 20ste eeu, 25 sterfgevalle; 33,3 %.

onder 94 gevalle sinds die begin van die 20ste eeu, 5 sterfgevalle; 5,3 %.

Met die toename van mediese wetenskap en tegniek, is die prognose dus belangrik minder ongunstig geword.

Uterine vrug. In 117 gevalle is daar abortus gewees van hierdie vrug. In 84 gevalle is die moeder a terme van 'n voldrae kind beval, waarvan 70 lewendig (van 8 voldrae kinders is die lot onbekend).

Ektopiese vrug. In 128 gevalle is die ektopiese vrug vroeg in die swangerskap al, by simptome van vrugkapselskeur, verwyder. 24 Ektopiese vrugte is a terme operatief verwyder.

Hiervan was 6 al reeds vroeg afgesterf, 10 was kort tevore afgesterf, en 8 het lewendig ter wêreld gekom.

In 4 gevalle is behalwe die moeder, ook albei vrugte (voldrae) in lewe gebly.

Die diagnose is gewoonlik buitegewoon moeilik, en *word in die meeste gevalle nie gestel nie, omdat daar nie aan die bestaan van die toestand gedink word nie.* Besonderhede omtrent die diagnose; pag. 134. Die regte diagnose is maar in 16 gevalle gestel!

Terapie. *Terwyl die efwagtend behandelde gevalle,* waarvan die groot meerderheid van vóór die begin van die 20ste eeu is, *'n mortaliteit vertoon van 40 %*, blyk dat die operatief behandelde gevalle (grotendeels uit die later gedeelte van dieselfde periode), 'n mortaliteit het van 32 %. Tabel pag. 144).

Maar opvallend is die enorm verskil hiermee vertoon deur die *gevalle in die laatste 20 jaar operatief behandel.* Hier bestaan *'n mortaliteit van maar 6 %*, en by dieselfde moeders is daar 31 % lewendige kinders gebore.

Die afwagtende terapie kan gladnie opweeg teen hierdie gunstige resultaat nie, selfs wanneer ons buite beskouing laat die ongunstige toestand van die pasient, in baie gevalle (anaemie, shock) al vóór die haastig uitgevoerde ingreep. Van 33 moeders waarby toegelaat is dat die twee swangerskappe langs mekaar voorduur tot die end van die swangerskap (klas a.), is daar nie minder as 12 nie, 36 % dus, gesukkombeer! Van die 66 kinders wat 'n mens teoreties mag verwag, is daar maar 25 uterine en 6 extra-uterine lewendig en voldrae ter wêreld gekom.

By klas d., waarby na die ingreep die intrauterine swangerskap deurgegaan het, het ons die byna ideale verhouding van 49 moeders, één enkel sterfgeval (deur 'n ongelukkige bykomstigheid by die partus van „I"), en 45 lewendige voldrae kinders.

Waar die uterine swangerskap na die ingreep tot verwydering van „E" onderbreek was, het ons by 59 moeders maar 5 sterfgevalle, 9 % dus.

Alles tesaam gereken, het ons by die moderne operatiewe

terapie maar 6 % mortaliteit, vergelyk met 32 % van vóór die begin van hierdie eeu; die afwagtende houding lewer die nog skrikwekkender sterftesyfer van 40 %. *Met hierdie voorbeelde voor ons, kan ons nie anders nie, as konkludeer dat dit in die beste belange van moeder en uterine kind is, wanneer die ektopiese vrug, by die eerste simptome van vrugkapselskeur, onmiddelik operatief verwyder word.*

Is dit moontlik om nog vroër agter die ware toestand te kom, geld nog dieselfde konklusie. Dit spreek vanself dat, by simptome van inwendige bloeding, in elk geval sal ingegryp word om die bloeding te stelp.

Is by laparotomie vir ekstirpasie van 'n ektopiese swangerskap, die uterus opvallend groot en week, moet altyd in aanmerking geneem word die moontlikheid van gelyktydig bestaande uterine swangerskap, en moet die uterus so versigtig moontlik behandel word, om abortus te voorkom.

Wanneer daar maar enigsins moontlikheid bestaan van ektopiese swangerskap, is sondéring van die uterus gekontraindiseer, nie alleen omdat daar 'n vrugkapselskeur op kan volg nie, maar ook omdat dit 'n gelyktydig bestaande uterine swangerskap kan onderbreek.

Kom 'n geval onder behandeling met reeds voldrae ektopiese vrug, dan moet dit onder strenge observasie gehou word, in 'n kliniek. Is die uterine swangerskap al reeds vroegtydig onderbreek, dan mag die geval verder behandel word as 'n enkelvoudige voldrae ektopiese swangerskap, wanneer die kind nog lewe. Dan is die beste tyd vir die operatiewe verwydering van die kind, in die 38ste week (vollens Beck, 1. c.).

Laparotomie is ook gewens in die gevalle waar die uitweg van 'n gelyktydige voldrae uterine vrug (lewendig, of al afgesterf) deur die ekstrauterine afgesluit is, sodat 'n spontane partus vehinder word. Dan is Sectio Caesarea met opvollende ekstirpasie van die ektopiese vrug die mees wenslike terapie. Wanneer dit maar enigsins moontlik is om die placenta, na afbind van

die toevoerende vate, te verwyder, is dit te verkies bo agterlaat van die placenta.

Na die afsterwe van die ektopiese vrug, wanneer dit alleen oorgebly is in die buik, mag 'n klein tydjie afgewag word op die afsterwe van die placentêr bloedsomloop; maar by die optree van koors, is die mooiste kanse al verby.

Die kasuïstiek lewer geen gevalle op nie, wat absoluut bewysend is vir die bestaan van superfoetatio vera.

INHOUD.

Bld.

HOOFSTUK I.

1. Waarneming uit Kaapstad 1
2. Geval uit Groningen 3
3. Die normale en abnormale implantasie van die ovum 9
4. Tweelingswangerskap met heterotope lokalisasie van die vrugte 23

HOOFSTUK II.

1. a. Geskiedenis 25
   b. Vroëre publikasies oor die onderwerp 28
   c. Oorsig van outeurs 29
   d. **Kasuïstiek:** tabellariese weergawe, in Kronologiese volgorde, van **242 gevalle van gelyktydige ekstra- en intrauterine swangerskap** . 33
2. Literatuuropgawe (alfabeties) van die Kasuïstiek . . 91
3. a. Gevalle van superfoetatio impropria 101
4. b. Gevalle vroër as eg beskou, maar met twyfelagtige diagnose 102
   c. Gevalle wat alleen op kliniese diagnose berus . 102
   d. Gevalle as eg beskrijwe, maar my ontoeganklik gewees 103

HOOFSTUK III.

1. Frekwensie 105
2. Leeftyd 107
3. Etiologie 110
4. Simptome en verloop 115
5. Die lot van die Moeder 129
6. Die lot van die twee vrugte 130
7. Diagnose 134
8. Prognose en terapie 142

KONKLUSIE.